2·90

MATIELAND





U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

..... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

KV23C

ISSN 0025-5947

Inhoud

2:90
Jaargang 34

MATIELAND

Redaksioneel 3
Hoë toekenning vir knap navorser 3
Rasionalisasie: Maties en Ikeys deel klasgeriewe 4
Eerstejaars nóg slimmer 4
Dubbele eer vir Kassier 4
Agt kry groot stipendia 5
Prys vir die beste publikasie 5
Bureau now a private company 6
Navorsing lewer 250ste "wonderbaba' in agt jaar 7
Vakblad oor die regte by US uitgegee 8
Nieu-Seelandse Oud-Matie presteer 8
Voorligting oor beroepe kom onder die loep 9
Expertise and innovation in language teaching 10
Bestuurskool kry sy eie losieskompleks 11
Proefplaas kry vloer wat sterker as beton is 12
Kaarthouers help veral met beurse 12
Kursusse in verpleging hou tred met nuutste ontwikkeling ... 13
Unieke kursus oor spraak en gehoor 14
Londense topprys vir knap aktuaris 14
Dierfisioloë maak wêrelddeurbraak 15
Borge help Matiesport 18
US en die WAT loop al 'n lang pad saam 18
Dié kursus voortaan modulêr 20
Koor gaan gou ook in Transvaal optree 21
Bevorder en aangestel 22
Dit was goeie dae! 24
Talle vroue volg interessante kursus 24
Buro maak video om ingenieurs te werf 25
Museum kry Fouché se versameling 25
Op 32 het dié Oud-Matie reeds 'n wêreldplek as sanger 26
Nuwe NOK-baas 'n Oud-Matie 27
Endler Trio speel weer in die Endlersaal 27
In memoriam 28
Reünie help beplan vir die toekoms 31
Saamtrek in die Noord-Vrystaat 31
1949-klas hou twee reünies 32

Knap navorser – bl. 3

Losieskompleks – bl. 11

Wêrelddeurbraak – bl. 15

Oud-Matie-reünies – bl. 31

Voorblad: 'n Matie-paartjie, mej. Juanita Liebenberg en mnr. Thinus Heunis, op die ou hangbruggie oor die Eersterivier by Vergenoeg, die Universiteit se ontspanningsterrein aan die oostekant van Stellenbosch, met die Eikestad se bekende Pieke op die agtergrond.
Foto: Antenie Carstens, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, US.

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch
☎ (02231) 774633/774851
Adreslys: ☎ (02231) 774634
Faks: (02231) 774499

Matieland word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedruk deur Blackshaws, Kaapstad.



Wie vul die leemte?

Sanlam ondersteun tersiêre onderwys in Suid-Afrika al jare lank.

Deur stilweg die leemte te vul.

Verbeterings aan geboue, nuwe toerusting - en nou ook hulp aan biblioteke wat spartel om kop bo water te hou.

Waar u toekoms tel, is ons belofte. En Sanlam verseker almal van 'n beter toekoms deur vir hoër onderwys in die bres te tree.

Dit spreek boekdele!

Sanlam

Waar u toekoms tel

Vir seker!

'n Beter benutting van bronne

TWEE INTERESSANTE ontwikkelinge waaroor in hierdie Matieland-uitgawe berig word, is die privatisering van een van die Universiteit se grootste navorsingsinstellings (die Buro vir Meganiese Ingenieurswese) asook 'n samewerkingsooreenkoms wat tussen die US se Departement Chemiese Ingenieurswese en sy ekwivalent aan die Universiteit van Kaapstad gesluit is.

Hoewel tog aanvaar kan word dat die privatisering van US-instansies en -dienste vorentoe nie baie algemeen sal wees nie, gaan rasionalisasie en inter-universitêre samewerking waarskynlik al hoe meer voorkom.

Oor universiteits-rationalisasie en inter-universitêre samewerking word daar reeds in die afgelope jare landwyd besin. Dit is onder meer nodig omdat die US en ander universiteite al hoe meer onder finansiële druk geplaas word, ook vanweë die besnoeiing in die staat se subsidie aan universiteite.

Aan die US het rasionalisasie onder meer gelei tot die afskaffing van kursusse, vakke, studierigtings en 'n departement asook die samesmelting van departemente. Vorentoe kan nog meer sulke rasionalisasie-maatreëls volg.

'n Mate van inter-universitêre samewerking bestaan ook reeds, byvoorbeeld op navorsingsgebied tussen die geneeskunde-fakulteite van die US en die UK en op biblioteekgebied tussen US, UK en die Universiteit van Wes-Kaapland.

Wat die samewerkingsooreenkoms tussen die US en UK se chemiese ingenieurswese-departemente besonders maak, is dat albei se baie duur laboratoriumgeriewe nou wedersyds vir die opleiding van voorgraadse studente benut kan word. Dit is wetenswaardig dat dié ooreenkoms volg op die goeie samewerking wat al lank tussen die twee betrokke departemente ontstaan en dat die bedryf help om die ooreenkoms moontlik te maak.

Waar rasionalisasie en inter-universitêre samewerking moontlik is, kan dit help om onnodige duplisering en versnippering uit te skakel en by te dra tot 'n beter benutting van die beskikbare geriewe en kundigheid. □

Hoë toekenning vir knap navorser

Prof. Jannie van Deventer (35), voorsitter van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese, het onlangs die Presidentstoekenning van die WNNR se Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ontvang.

Dié prestige-toekenning gaan aan mense van 35 jaar en jonger wat reeds doktorsgrade het en hul potensiaal as navorsers bewys het. Prof. Van Deventer is een van slegs vyf navorsers landwyd en die enigste uit Kaapland wat vanjaar vir die toekenning aangewys is. Dit beteken dat sy navorsing vir vier tot vyf jaar ruim SNO-steun kan kry.

As 'n kundige op die gebied van mineraalverwerking en veral goudekstraksie, het hy reeds internasionale belangstelling uitgelok met sy navorsing.

Benewens vir ondersteuningspersoneel, toerusting en ander lopende uitgawes, beoog hy om die toekenning onder meer te gebruik om kundiges ook uit die buiteland, byvoorbeeld uit Amerika en Australië, te probeer kry om 'n bydrae tot dié navorsing op Stellenbosch te help lewer. Hy het reeds hieroor onlangse navrae gehad, onder meer van 'n nadoktorale student uit Londen en van iemand uit Turkye.

Suid-Afrika is 'n wêreldleier op die gebied van mineraalekstraksie, sê prof. Van Deventer. Hy het byvoorbeeld in 1988 toe hy besoekende professor aan die Curtin-universiteit in Wes-Australië was, kennis oorgedra wat nou tot groot voordeel van die bedryf in daardie land gebruik word.

Sy navorsing is daarop gebaseer om te probeer verstaan wat met mineraalverwerking en veral met goudekstraksie in die nywerheidsprosesse gebeur sodat dit verbeter kan word. Stygende kostes en die dalende goudprys maak dit al belangriker om goud en ander minerale optimaal te ekstraheer.

Hy sê die ekstraksieproses word bemoeilik omdat die oorblywende mineraalerts in Suid-Afrika baie diep lê, al minder raak en van 'n al laer graad is. Vir doeltreffender ekstraksie is 'n beter insig in die prosesse, die aanwending van hoëvlak-tegnologie en basiese navorsing dus al belangriker.

Prof. Van Deventer is in 1981 as senior lektor aan die US aangestel, nadat hy einde 1979 'n honneursgraad in chemiese ingenieurswese hier behaal het en toe twee jaar diensplig verrig het. In 1987 het hy mede-professor in metallurgiese ingenieurswese geword.



Intussen het hy 'n B. Com.-honneursgraad aan Unisa (1982) en sy doktorsgraad in chemiese ingenieurswese aan die US (1985) behaal. Hy beplan om later vanjaar 'n tweede doktorsgraad (in die bedryfsekonomie aan Unisa) te verwerf. Vir sy proefskrif hiervoor het hy die tegnologie-bestuur in die Suid-Afrikaanse en Australiese mineralebedrywe geëvalueer.

Sy navorsingsrekord in die afgelope jare is indrukwekkend. Hy het byvoorbeeld reeds 14 referate by internasionale konferensies in Suid-Afrika en elders in die wêreld aangebied (naas dié waartoe hy bygedra het). Twee daarvan het hy onlangs, in Julie, by 'n wêreldkongres oor mynbou en metallurgie in Skotland gelewer.

In September vanjaar gaan hy by simposia in Engeland en in Berlyn optree. En 'n referaat van hom is reeds aanvaar vir aanbieding in September 1991 by 'n wêreldkongres in Dresden.

Verder het hy by 'n hele aantal nasionale byeenkomste in Suid-Afrika opgetree. Altesaam 27 artikels deur hom of met hom as medeskrywer het ook in vaktydskrifte verskyn. Hy is of was die studieleier vir 19 M-tesisse en die promotor vir vyf doktorale proefskrifte.

Daarby was hy as eksterne studieleier of eksaminator betrokke by vier M-studies en twee D-proefskrifte van studente aan die universiteite van die Witwatersrand, Pretoria, Natal en Potchefstroom, asook vir twee M-studies van die Curtin-universiteit in Australië.

Prof. Van Deventer het reeds vir twee Australiese en verskeie Suid-Afrikaanse instansies as konsultant opgetree.

Met sy aanstelling in 1981 was daar by die universiteit "baie min toerusting om minerale-prosessering te doseer, en feitlik geen navorsingstoerusting hiervoor nie." Sedertdien het hy 'n goed toegeruste laboratorium gevestig met geld wat meestal van buite die US verkry is. Baie van die toerusting is in die Departement Metallurgiese Ingenieurswese ontwerp en vervaardig. □

Dubbele eer vir Kassier

PROF. W.E. KASSIER, hoof van die Departement Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, is onlangs deur die Witwatersrandse Landbougenootskap vereer deurdat hy in die genootskap se eregalery opgeneem is. Die genootskap vereer jaarliks slegs drie mense op dié manier vir hul besonderse bydrae op landbougebied. Die eretoekenning bestaan reeds sedert 1984.

Die toekenning aan prof. Kassier is by 'n dinee in Johannesburg gedoen, waar 'n versierde geskrif aan hom oorhandig is.

Teen die einde van verlede jaar het die Landbou-ekonomie-Vereniging van Suider-Afrika prof. Kassier vereer deur hom te nooi om die Tomlinson-gedenklesing, die vereniging se prestige-lesing, te lewer en by dieselfde geleentheid die Tomlinson-gedenkpenning van die vereniging te ontvang.

Prof. Kassier se lesing het oor die toekoms van landbou-ekonomie in Suid-Afrika gehandel. Die gedenkpenning is aan hom oorhandig vir sy bydrae tot dié vakgebied. □

Mnr. Rob Javis het namens die Johannesburgse prokureursfirma Cliffe Dekker & Todd 'n beurs van R3 000 aan mej. E.M. Blignaut as belowende LL.B.-finalejaarstudent oorhandig.

RASIONALISASIE: Maties en Ikeys deel klasgeriewe

Voorgraadse studente van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese aan die US en van die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad word vanaf die huidige semester per bus tussen dié twee kampusse vervoer om sekere praktiese klasse saam by te woon.

Dit word gedoen om die twee departemente se geriewe so optimaal moontlik te benut.

Die Kamer van Mynwese sorg nie net vir die reiskoste van die studente tussen Stellenbosch en Kaapstad nie, maar het ook onderneem om drie tegniese poste in die twee departemente vir minstens drie jaar gesamentlik te borg.

Twee van die poste, een 'n senior tegniese beampte en die ander 'n tegniese beampte, is aan die US en die derde, ook 'n senior tegniese beampte, is aan die UK gesetel. Al drie moet egter vir korter tye werk by die universiteit waar hulle nie gesetel is nie.

Hulle sal onder meer vir die beplanning van praktiese klasse, toesig oor eksperimente en oor klasprojekte en die bestuur van die laboratoria verantwoordelik wees.

Navorsing en opleiding in die twee departemente is voorheen al deur die Kamer van Mynwese finansieel ondersteun. Toe die Kamer 'n tyd gelede besluit het om voorgraadse opleidingslaboratoria landwyd te help verbeter, is rasionalisasie, die deel van geriewe deur verskillende instansies en die uitskakel van duplisering as mikpunt gestel.

Die voorgraadse laboratoria van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese op Stellenbosch word as goed toegerus beskou en die meeste van die gesamentlike praktiese klasse word daar aangebied.

Deeglike samewerking tussen die twee departemente bestaan reeds sedert 1982 toe hulle 'n simposium oor mineraalprosessering gereël het. Dit word sedertdien jaarliks gehou en baie goed deur die nywerheid ondersteun.

Verlede jaar het die departemente saam 'n internasionale simposium op Gordonsbaai onder die vaandel van die SA Instituut vir Mynbou en Metallurgie aangebied.

"Terwyl daar nog baie oor rasionalisasie en inter-universitêre samewerking *gepraat* word, is ons besig om dit te *doen*," sê prof. Jannie van Deventer, voorsitter van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese.

Hy sê sover hy weet, is die gesamentlike praktiese klasse vir die Matie- en Ikeyingenieurstudente die eerste samewerkingsooreenkoms van dié aard op voorgraadse vlak in Suid-Afrika. □

Eerstejaars nóg slimmer

Die akademiese gehalte van vanjaar se 2 826 eerstejaar-Maties is selfs nog hoër as dié van verlede jaar. Altesaam 16,4% van vanjaar se eerstejaars het 'n gemiddelde A-simbool ('n slaagsyfer van minstens 80%) in hul matriekeindeksamens behaal, teenoor 15,2% verlede jaar. Dié met 'n gemiddelde B-simbool (minstens 70%) is 26,3%, teenoor 26,8% verlede jaar; en dié met 'n gemiddelde C-simbool (minstens 60%) is 35,9%, teenoor 35,6% verlede jaar.

Dit beteken dat 78,6% van al die Matie-eerstejaars vanjaar minstens 60% in hul matriekeindeksamen behaal het. In 1989 was dié syfer 77,6%.

Daar is vanjaar 137 Matie-eerstejaars meer as in 1989. Die Universiteit het vanjaar 14 131 studente, wat 105 meer as in 1989 is. Dit is bereken op die eerste Dinsdag in Junie, die sensusdag waarop alle universiteite in die land hul amptelike syfers vir die jaar bereken, en wat onder meer die staatsubsidie aan elke universiteit vir die komende jaar bepaal.

In ses van die twaalf fakulteite is daar 'n toename in studente, t.w. die fakulteite Regsgeleerdheid, Handel en Administrasie, Ingenieurswese, Geneeskunde, Bosbou en Krygskunde.

Die getal studente per fakulteit, van die grootste tot die kleinste fakulteit (met die 1989-syfer tussen hakies) is Lettere en Wysbegeerte 3 553 (3 620): Handel en Administrasie 3 334 (3 012); Geneeskunde (wat para-mediese kursusse soos Verpleegkunde, Fisioterapie, ens. insluit) 1 960 (1 878), Natuurwetenskappe 1 421 (1 537); Ingenieurswese 1 287 (1 238); Opvoedkunde 734 (867); Landbouwetenskappe 627 (682); Regsgeleerdheid 325 (294); Teologie 252 (271); Tandheelkunde 248 (259); Krygskunde 203 (192); en Bosbou 187 (176).

Altesaam 80% van die Maties se huistaal is Afrikaans; 14,4% s'n Engels; 2,6% Afrikaans en Engels; 2,1% Duits, en die res (0,9%) ander tale. Die taalverspreiding is feitlik dieselfde as verlede jaar.

Ook die provinsiale herkoms van die studente is feitlik dieselfde as in 1989, met 81,4% van die studente wat uit Kaapland kom, 9,9% uit Transvaal, 3,6% uit Namibië, 2,5% uit Natal, 2,0% uit die Vrystaat en slegs 0,6% van elders. □



Die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries (vierde van regs) met (van links) prof. Viljoen, dr. Le Roux, prof. Pretorius, dr. Marais, prof. Van Deventer en drr. Van Wyk en Cutting. Dr. Scholtz was uitstedig toe dié foto met die oorhandiging van die stipendia op Stellenbosch geneem is.

8 kry groot stipendia

Die WNNR se Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) het vroeër vanjaar stipendia aan agt US-dosente en -navorsers toegeken. Sewe het elk 'n stipendium van R8 000 gekry, en die agste 'n R12 000-stipendium waarvan hy slegs die helfte gebruik het omdat hy in Junie vir twee jaar Amerika toe is om navorsing te doen.

Stipendia van R8 000 is toegeken aan drr. Jonathan Cutting, senior navorser in hortologie, Kobus le Roux, senior lektor in geologie, Frans Marais, senior navorser by die Instituut vir Biotegnologie, Frikkie Scholtz, senior navorser by die Instituut vir Teoretiese Kernfisika en Leon van Wyk, senior lektor in wiskunde, asook proff. Sakkie Pretorius van die Departement Mikrobiologie en Jannie van Deventer, voorsitter van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese.

Prof. Van Deventer is ook kort daarna aangewys as een van vyf navorsers landwyd wat die SNO se gesogte Presidentstoekenning vir navorsers van 35 jaar en jonger ontvang.

Die stipendium van R12 000 het gegaan aan prof. Henk Viljoen van die Departement Chemiese Ingenieurswese, wat nou aan die New York State University in Buffalo, VSA, navorsing doen. Omdat hy Amerika toe is, het hy slegs die helfte van die stipendiumgeld ontvang.

Prof. Viljoen het die SNO-Presidentstoekennning verlede jaar ontvang. Sy studieveld sluit onder meer in hoe om radio-aktiewe afval onskadelik te berg. 'n Ander toepassing binne sy studieveld is die vervaardiging van nuwe keramiekmateriale vir gebruik in die rekenaarbedryf en chemiese vervaardigingsbedryf. □

Prys vir die beste publikasie

Die Nasionale Botaniese Instituut ken jaarliks 'n Comptonprys toe vir die beste publikasie in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Plantkunde. Vroeër vanjaar is die prys vir 1988 aan prof. Adri van der Walt en mev. Loretta van Zyl van die Departement Botanie aan die US toegeken. Prof. J.N. Eloff, wetenskaplike redakteur van die tydskrif, het die beurstjek tydens 'n funksie by die departement oorhandig. Dit is toegeken vir die publikasie "A taxonomic revision of Pelargonium section Campylia (Geraniaceae)", wat in volume 54 van die tydskrif verskyn het. Die navorsing is deur mev. Van Zyl onder die leiding van prof. Van der Walt vir haar M. Sc.-graad gedoen, en hy het die resultate verwerk vir publikasie in die tydskrif. Sy is nou 'n doktorsgraadstudent en prof. Van der Walt is haar promotor.

Simposium oor akwakultuur

By 'n nasionale simposium oor akwakultuur wat onlangs aan die Universiteit gehou is, was dr. Daniel Walmsley van die WNNR se Stigting vir Navorsingsontwikkeling, mev. Amanda Courtney, hoof-uitvoerende beampte van die Britse foreltelersvereniging asook sekretaris van die Europese salmprodusentevereniging, dr. Jozua Serfontein, adjunk-direkteur-generaal van Seevissery en Weerkundige Dienste in die Departement Omgewingsake, en mnr. Danie Brink, 'n US-dosent in genetika wat vir navorsing en opleiding in akwakultuur aan die Universiteit verantwoordelik is.

Akwakultuur het te make met die beheerde kweek en oes van waterorganismes vir kommersiële benutting. Dit is 'n snel ontwikkelende bedryf in Suid-Afrika. Die simposium was die vierde tweejaarlikse een oor dié bedryf wat sedert 1984 in die land gehou is.

Bureau now a private company

Privatisation at the University took place for the first time when the Bureau for Mechanical Engineering was launched as a private company earlier this year. The bureau has been in existence since 1978.

In early April, the bureau became a private company, incorporated in accordance with Section 21 of the Company Law. This means that it has no shareholders, a step deliberately taken to eliminate clashes of interest between the bureau and the University's Department of Mechanical Engineering.

According to Prof. Vos Hattingh, managing director of the bureau and vice-chairman of its board of directors, this change in status was largely necessitated by the growth of the bureau. "It has become somewhat too big, and definitely much too different, to remain within the University much longer."

The rapid growth of the bureau is reflected by its staff of well over a hundred people (including a number of consultants, who are University academics, mostly from the Department of Mechanical Engineering) as well as the bureau's rapid increase in turnover.

Prototype

"We do not enter into serious production of any items. This turnover reflects engineering manhours and prototype construction only," said Prof. Hattingh.

"Prototype construction has become very important in recent years. We find ourselves designing, building and commissioning sophisticated equipment of a specialised nature at an increasing frequency."

These designs, he said, are mostly of equipment, only one example of which is required at that point in time, such as a recently designed wind tunnel for a research organisation, balancing equipment and such.

"Our team of skilled people, carefully selected to be of the highest quality, are continuously honing their talents and gaining experience. They are the team to be consulted whenever a special challenge, or opportunity, arises," said Prof. Hattingh.

As managing director, Prof. Hattingh heads four divisions (solid mechanics, design, thermodynamics and fluid mechanics) and five groups (analysis, computational fluid dynamics, helicopter engineering, instrumentation and electrical services, and aircraft propulsion) as well as a number of sub-sections within the bureau.

Prof. Christo Viljoen, dean of Engineering at the University, chairs the board of directors, which, besides Prof. Hattingh, includes Professors J.A. de Bruyn, W. Endres, P.J. Erens, D.G. Kröger, and T.W. von Backström, as well as Messrs. E. Terblanche and A.J. van Tonder.

The bureau is still accommodated in the Mechanical Engineering building of the University. The postal address is: P.O. Box 932, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-774392. □

Professors Hattingh (left) and De Vries, signing the contract to launch the Bureau for Mechanical Engineering as a private company. Behind them is prof, Christo Viljoen, Dean of Engineering.

Opperman-beurs vir Afrikaanse Letterkunde

Mnr. Etienne Bloemhof (naaslinks) wat vir 'n MA-graad oor 'n onderwerp in die Afrikaanse letterkunde ingeskryf is, het onlangs die D.J. Opperman-beurs verwerf. Hy is hier by mnr. Koos Human, besturende direkteur van Human & Rousseau-uitgewers, Kaapstad, wat die beurstjek oorhandig het, mev. Marié Opperman, weduwee van prof. Dirk Opperman na wie die beurs vernoem is, en prof. Johan Smuts van die Departement Afrikaans en Nederlands, wat mnr. Bloemhof se studieleier is.

Die beurs bedra R4 000 en word beskikbaar gestel deur die Nasionale Boekhandel-groep, waarvan Human & Rousseau deel is. Dit word jaarliks aan 'n honneurs-, meesters- of doktorale student in die Departement Afrikaans en Nederlands toegeken. Mnr. Bloemhof het voorverlede jaar 'n honneursgraad met lof en verlede jaar HOD verwerf.

Navorsing lewer 250ste 'wonderbaba' in 6 jaar

Danksy die mediese Wetenskap, kan die pyn van kinderloosheid uitgeskakel word. Navorsing oor in vitro-bevrugting het die geboorte van, tot dusver, 250 proefbuisbabas moontlik gemaak.

Die Eenheid vir Reproduktiewe Biologie by die Tygerberg-hospitaal, wat onder die Departement Verloskunde en Ginekologie val, het onlangs 'n groot "verjaardag"-fees by die Protea-saal van die hospitaal vir dié 250 wonderbabas en hul ouers gehou.

Mnr. Kobus Meiring, Administrateur van Kaapland, het as eregas by dié geleentheid gesê die baanbrekerswerk wat deur

Prof. Kruger

die Eenheid gedoen is, is 'n bron van groot trots vir Suid-Afrika.

Maar wie het die hele proses geïnisieer? Wie sit agter die geluk en die mediese wonder? Dit het in 1982 begin en die inisieerders is prof. Thinus Kruger, tans Hoof van die Eenheid vir Reproduktiewe Biologie, en dr. Johan van Schouwenburg. Laasgenoemde het navorsing oor ovulasiestimulasie gedoen, terwyl eersgenoemde vir sy D.Med.-tesis die onderwerp "Factors influencing the success of in vitro fertilization for alleviating human infertility" nagevors het.

Prof. Kruger het in daardie stadium geen kennis van 'n in vitro-laboratorium gehad nie en moes van vooraf leer. Hy het laboratoriumtegnieke verfyn en vir agt maande gesukkel om optimale reproduksietoestande te skep.

Muisembrio's

Muisembrio's is in broeikaste laat groei, maar sukses het uitgebly totdat prof. Kruger besef het dat die poeier aan sy steriele handskoene die embrio's benadeel. Eers toe hy met kaal hande gewerk het, het die embrio's tot blastosiste (volwasse embrio's) gegroei. "Ek het die nodige kundigheid opgebou deur elke ding fyn te bestudeer" sê hy.

Daar was teen dié tyd reeds 'n paar pasiënte met toe buise wat om hulp kom aanklop het. Eers met 'n embrio-oorplasing by die vierde pasiënt was daar sukses. Die moeder was mev. Rebecca de Vos wie se seun, Falcon, die oudste van die proefbuiskinders, nou ses jaar oud is. Hy is op 29 April 1984 gebore.

Die eerste meervoudige geboorte, dié van die Van der Westhuizen-tweeling, was op 17 September 1984.

Onder prof. Kruger se leiding is daar vier susters, vier administratiewe personeel, vier geneeskundige spesialiste, 'n mediese beampte, 'n kliniese assistent, sewe navorsers en vier kliniese tegnoloë. Hulle werk nie slegs aan proefbuisbabas nie — ook manlike fertiliteitsfaktore is 'n gebied waarop baanbrekerswerk gedoen word.

Die egpare Borcherds en Jooste, wat graag kinders wou hê, maar ironies nooit gekry het nie en dus aangeneem het, het 'n fonds vir reproduktiewe biologie gestig en die eerste R12 000 geskenk. Die fonds staan as die Infertiliteits-, Ginekologiese en Endrokrinologiese Navorsingsfonds (IGE-fonds) bekend. Hieruit is reeds vir broeikaste, 'n mikroskoop en vriesmasjiene betaal.

Aangesien geld maar altyd vir so 'n duur projek nodig is, het die Eenheid 'n unieke geldinsamelingsprojek aangepak. Donateurs kan maandeliks 'n bedrag namens die fonds in 'n Sanlameffektetrust van hul keuse belê. Dit kan dan groei en tred hou met die geweldige kostestygings van apparaat en toerusting. Sodra dit R5 000 bereik, word die donateur se naam op 'n ererol geplaas.

Proefbuisvierling

Die eerste proefbuisvierling was dié eenheid se werk. Die navorsers kry wêreldwye erkenning vir hul baanbrekerswerk. Van hulle het saam 'n teksboek oor manlike infertiliteit die lig laat sien en hulle maak internasionaal naam op dié gebied.

Die babas is van een tot 250 genommer en het van heinde en ver na hul "partytjie" by die Tygerberg-hospitaal gekom. Daar was eetgoed, kerse en geskenkmandjies en pryse is uitgedeel. Die eerste baba (Falcon de Vos), dié van die Arlowegpaar (die 250ste "wonderbaba") en die eerste "eskimo" (van 'n embrio wat tot 'n volgende menstruele siklus bevries is), baba Leandri Swanepoel, was van dié wat toekennings ontvang het.

In die VSA sou 'n proefbuisbaba sowat 12 000 dollar gekos het en die suksestal was nog altyd laag. In Suid-Afrika is die suksestal hoog, al kom ouers tot 11 keer vir bevrugting, en die koste is nie naastenby so hoog nie.

Die sukses van die fonds sal bepaal of die werksaamhede van die eenheid afgeskaal sal moet word of nie. Maar wie kan sukses meer verdien as dié toegewyde en vasberade span wetenskaplikes en hul pasiënte? In die woorde van mnr. Kobus Meiring: "This hospital and unit are world leaders. There is hope where there was desperation, happiness where there was sorrow." □

Prof. Bert Schaetzing (regs) van die Department Verloskunde en Ginekologie en mnr. Kobus Meiring, Kaaplandse Administrateur, stel die eerste Tygerberg-proefbuisbaba, Falcon de Vos, by die "verjaardagpartytjie" voor.

Mnr. Gerrit van Vuuren (regs) het as ondervoorsitter van die Maties se studenteraad 'n besoek deur vier SR-lede van die Universiteit van Zimbabwe aan die US gereël. Dit was die eerste keer dat studenteraadslede van 'n universiteit in een van die frontliniestate hul eweknieë aan 'n Afrikaanse universiteit besoek het. Die vier besoekers is, van links, mnre. Thulani Ndebele, Gabriel Chaibva, Tapfumaneyi Gowere en Francis Moro.

Vakblad oor die regte by US uitgegee

'n Nuwe vakblad vir regsgeleerdes is vroeër vanjaar by die Universiteit bekend gestel. *Stellenbosse Regstydskrif/Stellenbosch Law Review* verskyn drie keer per jaar. Juta, 'n Kaapstadse uitgewery, publiseer dit. Die redaksie is in die US se regsfakulteit gesetel.

Prof. Lourens du Plessis, die redakteur, sê in die voorwoord van die eerste uitgawe dat die vernaamste oogmerk met die blad is om 'n regspublikasie van hoë gehalte die lig te laat sien. "Slegs op dié voorwaarde is daar in Suid-Afrika plek vir nog 'n regstydskrif as **medestander** vir ander gehaltetydskrifte."

Die subsidie wat universiteite vir navorsingsuitsette kry, het 'n aansienlike toename in die voortbring van regspublikasies, veral tydskrifartikels, meegebring. Prof. Du Plessis sê die subsidiestelsel verg ook deeglike gehaltebeheer, wat beklemtoon dat vaktydskrifte van 'n hoë gehalte noodsaaklik is.

Wes-Kaapland

Die nuwe blad handhaaf 'n balans tussen 'n wye verskeidenheid gespesialiseerde en algemene regsonderwerpe. Dit bied vir vakspesialiste en ander regsgeleerdes die geleentheid om die resultate van hul denke, navorsing en praktiese ervaring wyd bekend te stel en te toets.

Omdat daar in Wes-Kaapland, in 'n straal van sowat vyftig kilometer, drie aktiewe regsfakulteite (met betekenisvolle oud-studentekorpse), 'n hooggeregshof-afdeling, 'n balie, asook talle prokureursfirmas en sake-ondernemings met groot regsafdelings is, is die blad goed geplaas om tot die verdere stimulering van debat en skeppende denke oor allerlei regsonderwerpe by te dra.

Hoewel dit in Wes-Kaapland gesetel is, word bydraes daarvoor so wyd moontlik gewerf.

Die blad het 'n redaksionele raad van agt lede. Hulle sluit regters Claire Howie van Kaapstad en Peet Nienaber van Natal in, asook twee buitelandse geleerdes, prof. Tony Honoré, 'n afgetrede hoogleraar van Oxford wat voorverlede jaar 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het, en prof. Reinhard Zimmermann van die Universiteit van Regensburg, Wes-Duitsland.

Die ander vier redaksionele raadslede, almal universiteitsdosente, is proff. Susan Scott van Unisa, Hugh Corder en Danie Visser, albei van die Universiteit van Kaapstad, en Giel Visagie van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Prof. Du Plessis word deur 'n redaksionele komitee bygestaan. Hulle is proff. Hennie Erasmus, Schalk van der Merwe en David Butler, mej. Lutricia Roos en mnre. Abrie du Plessis en Charl Hugo. Almal is US-regsdosente, behalwe mej. Roos, wat tot onlangs direkteur van die Universiteit se regskliniek was. Mev. Ilse van der Merwe van Stellenbosch is die tegniese redakteur.

Die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries (middel, voor) en die dekaan van Regsgeleerdheid, prof. Corné van der Merwe (naasregs) saam met redaksielede toe die nuwe regsblad bekendgestel is. Van links is proff. Lourens Du Plessis (redakteur) en David Butler, mnr. Charl Hugo, prof. Schalk van der Merwe en mev. Ilse van der Merwe (tegniese redakteur).

Navrae kan direk aan die uitgewer (posbus 14373, Kenwyn, 7790) gerig word. □

Nieu-Seelandse Oud-Matie presteer

'n Nieu-Seelandse Oud-Matie, dr. Margriet Theron, is een van ses kenners wat deur die regering daar aangewys is om dié land se nuwe Ministerie van Navorsing, Wetenskap en Tegnologie op die been te bring.

Sy beklee die pos van bestuurder: oudit en oorsig — een van die vyf bestuursposte direk onder die sekretaris (hoof) van die ministerie.

Haar man, dr. Louw van Wyk, het in die sestigerjare saam met haar voorgraads op Stellenbosch gestudeer. Sy het B.Sc. in fisika en chemie (1965) en hy B.Sc., B.Ing. (1967) behaal. Dr. Theron is 'n oud-inwoner van Huis de Villiers. Hulle het albei later aan Unisa verder gestudeer, waar hy uiteindelik D.Comm. en sy 'n doktorsgraad in bedryfsleiding verwerf het.

Voor hul emigrasie Nieu-Seeland toe was albei aan die WNNR in Pretoria verbonde.

Dr. Theron.

Dr. Theron is opgelei in studievelde wat van chemie tot sosiologie, ekonomie en sakebestuur strek, en beskik o.m. oor twee honneursgrade (B.Comm. en BA) asook 'n onderwysdiploma.

Voor die nuwe aanstelling was sy beplanningsbestuurder by die bosbounavorsingsinstituut op haar tuisdorp, Rotorua, waar sy ook voorheen as wetenskaplike by aspekte soos navorsingsbestuur, tegnologie-oordrag en langtermyn-marknavorsing betrokke was.

Dr. Van Wyk is 'n wetenskaplike aan dié instituut op Rotorua. Hulle het 'n 16-jarige dogter en 13-jarige seun.

Die nuwe ministerie is 'n belangrike skakel in die Nieu-Seelandse regering se beleid om navorsing, wetenskap en tegnologie in die land te hervorm. Dit is o.m. vir die ontwikkeling van 'n nasionale wetenskapbeleid verantwoordelik, koördineer en bevorder wetenskapbeoefening landwyd, adviseer die regering hieroor en bevorder 'n wetenskaplike bewustheid by die publiek. □

Voorligting oor beroepe kom onder die loep

Deur Malene Breytenbach

Wat word van studente en ander mense wat oor hul beroepe by die Eenheid vir Voorligtingsielkunde om raad aanklop? Volg hulle dié raad en beland dan in die soorte beroepe wat vir hulle as toepaslik aanbeveel is?

Om dié vrae te beantwoord, doen die eenheid navorsing onder sy direkteur, dr. Handré Brand, se leiding en dit strek terug tot 1980.

Fondse vir dié soort navorsing moet uit die privaatsektor verkry word. Hiervoor het SA Nylon Spinners (SANS) reeds 'n bedrag geskenk, omdat dié maatskappy in gemeenskapsontwikkeling belangstel en glo dat die projek meriete het.

Die doel van die ondersoek is om te bepaal of beroepsvoorligting enigsins doeltreffend is. Wat het gebeur met die individu, en was dié persoon gereed om op grond van die inligting wat gegee is, 'n besluit te neem? Vandag funksioneer hulle almal op die een of ander manier, maar hoe suksesvol, of hoe tevrede?

Adolessente

Dit is nie slegs adolessente wat om voorligting aanklop nie. Dr. Brand sê ander studente — ook van ander universiteite, kolleges of technikons en mense wat reeds in 'n loopbaan staan — soek raad.

Dikwels meen mense hulle het die verkeerde beroep gekies en dan soek hulle leiding om 'n nuwe rigting in te slaan. Of iemand het lank laas 'n beroep beoefen en wil weer tot die arbeidsmark toetree, maar weet nie hoe nie.

Soveel menslike behoeftes word aan 'n loopbaan gekoppel. Meer behoeftes word bevredig as net dié aan geld. Ook sosialisering, bevordering en interaksie met 'n portuurgroep is alles belangrik. Die beroepsbesluit wat dus geneem word, is 'n primêre een. Vandag is daar ook soveel moontlikhede. Die rekenaar- en bankwese is byvoorbeeld baie gevorderd.

"Die wesenlike probleem is dat daar 'n warboel van keuses is," sê dr. Brand, "En mense kan ook onrealistiese keuses uitoefen." Voorbeelde hiervan is wanneer iemand graag 'n dokter wil word, maar eenvoudig nie akademies goed genoeg kan presteer nie.

Of iemand skryf vir 'n BA-graad in, neem lukraak gekose vakke en verwag dan om vir 'n beroep gekwalifiseer te wees sonder om te dink dat daar menige ander is wat ook meeding. Onverantwoordelike keuses kan lei tot beroepskrisisse en smagting na verandering nadat daar al in 'n beroep gevorder is.



Dr. Brand (regs bo). Regs: Mnr. Peter Boxall, wat namens SA Nylon Spinners 'n bedrag vir die navorsingsprojek oorhandig het.

Dr. Brand wys daarop dat beroepsvoorligting vir baie jare op onmiddellike behoeftes gefokus het. Die kliënt het hom aangemeld, daar is na sy eienskappe en wense gekyk en 'n onmiddellike besluit is geneem nadat opsies uitgelig is. Die proses is afgehandel en almal was tevrede. Dit werk egter nie meer so nie. "Ons werk nou in terme van 'n ontwikkelingsraamwerk," sê hy.

Daar word op die kennis van ontwikkelingsielkunde gebou, met ander woorde die uitoefening van 'n beroepskeuse is net een stap in die hele ontwikkelingsproses wat aaneenlopend is. Kliënte word opgevolg om te bepaal watter beroepsgereed was.

Beroepsgereed

Beroepsgereedheid hang daarmee saam of die persoon al self 'n bietjie inligting gesoek het, met kundiges gesels het of oor 'n beroep gelees het. Die kern van die eenheid se navorsing is om dié te identifiseer wat nie beroepsgereed is nie en dan voorligting te gee oor hoe om so te word.

'n Meetinstrument wat gebruik word, is die Career Development Inventory (CDI) wat alle kliënte nou moet voltooi. Dié vraelys is gebaseer op die teorie van 'n beroemde Amerikaanse sielkundige, Donald E. Super.

Deesdae word kliënte wat nie gereed is nie, aan 'n program onderwerp waarná hulle aan die beroepsvoorligter moet terugrapporteer. Daar is dus individuele aksie tussen kliënt en voorligtingsielkundige.

Daar sal heelwat uit die navorsing geleer kan word, en dit sal die doeltreffendheid van beroepsvoorligting in die toekoms aansienlik vergroot. Dit is inderdaad waardevolle en insiggewende werk. □

Mnr. Charlie Hoeflich (links), groep-koördinator van Stellenbosch-Boerewynmakery, het onlangs die C.G.W. Schumann-medalje, die prestige-toekenning van die Fakulteit Handel en Administrasie aan die Universiteit, aan mnr. Hannes Swart oorhandig. Mnr. Swart het dit verower as die fakulteit se beste honneurs- of M-student verlede jaar, toe hy die graad Hons. B.Rek. met onderskeiding behaal het.

Die goue medalje, wat na 'n voormalige dekaan van die fakulteit vernoem is, word jaarliks toegeken. Die Stellenbosch-Boerewynmakery skenk dit.

Mnr. Swart is nou 'n deeltydse dosent in rekeningkunde en is as M.Rek.-student ingeskryf. Hy het vir sy studies verlede jaar nog twee medaljes asook twee pryse ontvang: die Kaapse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeurs se medalje as beste student in gevorderde ouditkunde, dié instituut se medalje vir die beste student in gevorderde rekeningkunde, die Roux van der Poel-prys vir die beste Hons. B.Rek.-student asook die Piet Roos-prys vir ouditkunde. In 1988 het hy ook die prys vir die beste B.Rek.-finalejaarstudent gekry.

Verlede jaar was mnr. Swart ook 'n huiskomiteelid van Eendrag en hy het in dié koshuis se eerste rugbyspan gespeel. Hy was die 1985-hoofseun van die Hoërskool Swellendam.

Expertise and innovation in language teaching

By Malene Breytenbach

The language laboratory of the University, with Mrs. Mariaan de Wet as head of operations, has become a point of expertise and innovation that is one of the most advanced in South Africa.

In his opening speech at the recent function to introduce the new facilities installed at the language laboratory, the chairman of the laboratory committee, Prof. Walter Claassen, pointed out that the language departments of the University had always depended on the laboratory to provide the latest technology in language teaching.

The initial facilities were constantly supplemented and improved but with dynamic developments in educational aids, and the advent of the computer era, prospects and possibilities of learning have undergone drastic changes.

Seated, from left, Mrs. Mariaan de Wet (head of operations, Language Laboratory), Mrs. Ruth Bodenstein (German Department) and Prof. Walter Claassen (Semitic Languages and Cultures, and chairman of the Language Laboratory committee). Standing: Dr. Jo-Marie Claassen (Latin), Prof. Justus Roux (African Languages) and Prof. Rainer Kussler (German).

"We have always advanced beyond the sixties and seventies in our ideas and expectations," Prof. Claassen said.

At an open day following the introductory demonstration for special guests, visitors could inspect the new facilities under the theme: "Technology and Creativity: innovative language teaching". Demonstrations were given of Suggestopaedic teaching methods, learning by computer and hypertext.

The language laboratory's conventional audio-based equipment first installed has been supplemented by video equipment and computer technology. The Bureau for University and Continuing Education and the Institute for Language Education have assisted with various development projects, introducing the following innovations: The Quest author system for supplementary models and tests in Afrikaans, German, English, Latin and Xhosa courses; addition of interactive sound and video facilities to Quest for African languages and German; and the possibilities of knowledge-seeking systems such as hypertext as an aid in language and literature courses (German, Greek, Hebrew).

Facilities for self-duty have also been greatly improved, for example German for natural scientists. Students, University staff and the public may follow courses at arranged times.

Two special classrooms have been prepared for Suggestopaedia, a teaching method that is becoming increasingly sought-after. It could be called a breakaway from teacher to pupil-centred education.

Suggestopaedia is used very fruitfully in for instance KwaZulu, to enable teachers to cope with the compulsory tuition through medium of English from Std 3 onwards. In the case of black pupils in Southern Africa, language teaching lies at the heart of their learning problems.

The Suggestopaedia method is also used by the Cape Town Teachers' College, by the Grove Primary School, Cape Town, by the Department of Foreign Affairs and by Eskom. Goldfields of South Africa have used it to good effect for their managers and lower-ranked employees, with the result that Rand Mines are also interested in the method.

Video material

At the language laboratory Xhosa and Southern Sotho are taught by means of the communicative approach. Situations with which students would be familiar, are identified, for instance in a restaurant or at a filling station. The communications media (radio, television, newspapers) are used as teaching material, conveyed by video and audio material and computer.

The Department of Semitic Languages and Cultures uses a variety of computerised (interactive) concordances, the most sophisticated of which is the MacBible for Greek and Hebrew. The computers in the laboratory have made the pursuance of advanced Biblical studies much easier.

As an aid to grammatical studies of the Greek New Testament the computer package Gramcord is used. It consists of a data base in which the entire New Testament has been morphologically analysed, as well as programmes providing access to this data base. This is a powerful research instrument, extremely valuable to advanced students.

Another powerful research instrument is the technology of hypertext. This means that the researcher may, at the depression of a button, obtain access to levels of information that underlie and are additional to the text on which he/she is working. The programme used for the study of ancient languages (Hebrew and Greek) is "CDWord The Interactive Bible Library". It is still only available for the New Testament.

French cannot be taught without the language laboratory facilities. Excellent cassettes and courses are provided. Special German, on the other hand, is taught through Suggestopaedia and the computer. For Greek and Latin texts, the programme Searcher is used, making text corpora accessible to students at an earlier stage in their studies than was possible in the past.

African languages

The Phonetics Laboratory has been in existence since 1973 and is operated by the Department of African Languages. The primary focus is on African languages but English and Afrikaans also feature here. Three computer systems are now used and the activities are aimed at physical as well as functional aspects of human speech as a means of communication. Consequently it also has an interdisciplinary character with the Faculty of Engineering providing important inputs.

Besides basic research, applied research and development projects are also undertaken, for instance the text-to-speech system for Xhosa, the Hyperbliss System for paraplegics and a Hyper-chart data base: "Sounds of the World's Languages". There is also close co-operation with the Speech Therapy Department of the University's Faculty of Medicine at Tygerberg.

Developments in the language departments and the language laboratory have shown how important the involvement of academic staff in the improvement of course material has become. Collaboration generates new ideas and it is essential for a progressive university such as Stellenbosch to keep up with the latest trends in technology and language didactics. □

Die nuwe losieskompleks (regs) langs die Bestuurskoolgebou in Bellville, waar studente voortaan sal kan tuisgaan wanneer hulle kursusse by die Bestuurskool volg.

Bestuurskool kry sy eie losieskompleks

Inwoningsgeriewe ter waarde van sowat R1,2 miljoen is pas by die US-Bestuurskool in Bellville voltooi. Die kompleks bevat 30 kamers waarin 36 studente gehuisves kan word.

Dit bestaan uit drie losstaande dubbelvlakeenhede wat sitkamers asook kombuis- en badkamergeriewe insluit. Die doel is om bekostigbare huisvesting aan studente te bied wat kursusse by die bestuurskool volg.

Studente sal die wooneenhede kan huur. Die huurgeld gaan gebruik word om die rente op die lening en die koste van die instandhouding van die gebou te delg.

Die kompleks is nie net 'n kapitaalbate vir die Universiteit nie, maar Maties en Oud-Maties sal die wooneenhede in vakansies teen uiters billike tariewe kan huur. Vir binnelanders wat van die Kaap hou, is dit goeie nuus.

Om 'n gedeelte van die kapitaal te delg, het die bestuurskool ook 'n motorkompetisie uitgeskryf. Kaartjies vir die kompetisie kos R250. Groot pryse, waaronder 'n BMW 318i as eerste prys, is op die spel.

Enigiemand kan aan dié kompetisie deelneem en kan enige getal kaartjies koop. R200 van elke kaartjie is vir inkomstebelasting-doeleindes aftrekbaar van belasbare inkomste. 'n Skenkingsertifikaat sal ook deur die Universiteit uitgereik word.

Vir meer besonderhede oor dié opwindende projek kan telefonies in verbinding getree word met mnre. Willie Louw (774929), Hannes de Jongh (774643), Haas Kruger (774640) en Philip de Witt (774638). Die voorafkode is elke keer 02231. □

Mnr. Danie de Stadler (regs) het as bestuurder van Santamversekering op Stellenbosch sy maatskappy se R15 000-tjek vir 'n korttermynverseke-ringskursus aan proff. Eric Mostert en Izak Lambrechts van die Departement Bedryfsekonomie oorhandig.

Adresse, asseblief

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u – of 'n ander Oud-Matie van wie u weet – nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul* en stuur aan:
Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch 7600

Titel en van:.....

Voorname:.....

.....

Studentenommer:.....

Nooiensvan:.....
Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....
Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal):

.....

Geboortedatum:.....

My ou adres vir *Matieland*:.....

.....

.....
Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.)

My nuwe werkadres:.....

.....

.....

My nuwe woonadres:.....

.....

.....

*Indien u *twee of meer eksemplare van Matieland ontvang, stuur asseblief albei die plakstrokies met u naam en adres saam met hierdie voltooide vorm terug.*



Mnr. Peter Kelly (derde van regs) by die varknavorsingstasie waarvoor sy firma, Construction Equipment Services, 'n eksperimentele vloer van sowat R51 000 geskenk het. By hom is proff. Hennie Heydenrych, hoof van die Departement Veekunde, Hennie Louw, dekaan van Landbouwetenskappe, Jan de Bruyn, Vise-rektor (Bedryf) en Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, asook mnr. Francois Mellet, dosent in Veekunde.

Proefplaas kry vloer wat sterker as beton is

'n Groot verbetering is by die Universiteit se varknavorsingstasie op Mariendahl, een van die US-proefplase, aangebring.

Mnr. Peter Kelly het names Construction Equipment Services, 'n Randburgse maatskappy wat bouwerk aan abattoirs en vir die voedselbedryf behartig, 'n eksperimentele vloer van beton geskenk, wat met 'n laag van 10 mm polimeer-silika-aggregaat bedek is. Die Rektor en Vise-kanselier, prof. Mike de Vries, het dit in ontvangs geneem.

Die vloer van 500 vierkante meter dra 400 varke en is sowat R51 000 werd. Dit is drie maal harder as gewone beton en het 'n weerstand teen suur en bloed wat veel hoër as dié van beton is. Varke is geneig om aan gewone beton te lek en dit mettertyd so te beskadig. Daarby is die las wat 'n vark op 'n vloer plaas hoër as dié van enige ander dier — varke se pootvorm veroorsaak ook buitengewone verweer.

Dit is die eerste keer dat sulke vloere, wat gewoonlik vir abattoirs se ontvangareas gebruik word, in produksie-omstandighede getoets word.

Kursusse

Volgens mnr. Francois Mellet van die Departement Veekunde is die Universiteit se boerderybedrywighede in die publieke oog en word kommentaar gewoonlik oor toestande op die US-proefplase gelewer. Die Universiteit bied gedurig kursusse vir boere en die veebedryf by die varknavorsingstasie op Mariendahl aan.

Mnr. Pieter Kempen van die Vleisraad het die konstruksiemaatskappy en die Universiteit met mekaar in aanraking gebring. Die Universiteit het self ook nog R14 000 se hortjiesvloere vir afval bewillig.

Benewens die nuwe vloeroppervlak, is die mure ook met die eksperimentele polimeerstof geverf. Die gebou waarin die varke gehuisves word, lyk dus splinternuut. □

Mnre. Andries van Tonder (links), direkteur van Finansies en Dienste, en Johan Fechter, direkteur van Openbare Betrekkinge, het die Oud-Matiekaart-winstjek in ontvangs geneem van mnre. Herman Hamman, hoofbestuurder van Volkskas-Kredietkaartafdeling, en Justus Fourie, Volkskas-takbestuurder op Stellenbosch.

Kaarthouers help veral met beurse

VOLKSKAS HET TOT aan die einde van Maart vanjaar 1 665 van sy Oud-Matiekaarte (eksklusief vir oud-studente van die US) uitgereik. Aankope van meer as R4,25 miljoen is in dié tyd deur die 1 665 kaarthouers gedoen. Dit is minder as 'n jaar nadat Volkskas die kaart begin uitreik het.

Die bank betaal 'n deel van sy wins uit die kaart aan die Universiteit. Elke kaarthouer besluit self watter een van 'n vyftal behoeftes aan die US deur sy aankope bevoordeel word.

Altesaam 832 kaarthouers het besluit dat hulle kaarte die kategorie beurse en studentelenings moet bevoordeel. Die kategorie navorsing en algemeen is deur 507 kaarthouers gekies. Kleiner getalle kaarthouers het op die ander drie kategorieë besluit, nl. die Rugbyklub; die US-koor, -strykensemble en -blaasorkes; en ander US-sportklubs en -studenteverenigings.

Die Oud-Matiekaart het tot einde Maart reeds R10 308,63 vir die Universiteit ingebring.

Vir die kaarthouers is daar ook verskeie pryse om te wen. Altesaam 30 pryse is reeds vroeër vanjaar deur 'n prystrekking toegeken. Die gelukkige wenner van die eerste prys het 'n losiesbeurs van R3 800 gewen. □

Kursusse in verpleegkunde hou tred met nuutste ontwikkeling

Wanneer 'n mens 'n bergtop bereik, verskyn daar nuwe horisonne op die gesigseinder. Dit is presies wat met die Departement Verpleegkunde gebeur het.

'n Groot mylpaal was die departement se kwarteeufees voorverlede jaar — 'n geleentheid wat besonders gemaak is deurdat prof. Isabel Hofmeyr, die eerste departementshoof vanaf 1964, nog fier aan die roer van sake was. Sy het aan die einde van 1989 afgetree. Haar bekwame bestuur het 'n goeie basis gelê waarop die departement voortbou.

Sedert 1964 is die voorgraadse kursus verskeie kere verander om by nuwe omstandighede aan te pas, en is nagraadse kursusse ook ingestel.

Die basiese kursus in verpleegkunde is bekend as B. Curationis (B.Cur.). Dit is 'n vierjarige geïntegreerde kursus in Algemene, Verloskundige, Psigiatriese en Gemeenskapsverpleegkunde. Die nuut afgestudeerde verpleegkundige kry dus vier verpleegkwalifikasies wat haar werkskeuse soveel wyer maak.

Voorkomend

Dr. Rina Venter, Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, het vroeër vanjaar die belangrikheid van voorkomende gesondheid herbeklemtoon. Dit verbreed die tradisionele rol van die verpleegkundige en plaas haar meer in die gemeenskap vir die lewering van voorkomende en bevorderende gesondheidsorg.

Prof. Berine Welmann, wat aan die begin van vanjaar as departementshoof by prof. Hofmeyr oorgeneem het (lees ook die berig op bl. 22) het dan ook onmiddellik weggespring om die kursusse in ooreenstemming te bring met die nuutste ontwikkeling op gesondheidsgebied.



Vir die matrikulant bied die Departement Verpleegkunde 'n ideale geleentheid om haar eie horisonne te verbreed deurdat sy 'n volwaardige verpleegkursus kan deurloop, wat aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging voldoen, terwyl sy terselfdertyd 'n akademiese graad behaal.

Sy word ook sodoende aan die universiteitsmilieu blootgestel, saam met die studentelewe wat daarmee gepaard gaan. Die eerste jaar van die kursus word op Stellenbosch gevolg en die res by die Fakulteit Geneeskunde op die Tygerbergkampus.

Nog 'n voordeel is dat sy haar kursus kan voltooi en graad kan behaal sonder noemenswaardige studieskuld, aangesien sy 'n beurs kry wat 'n groot deel van haar studiekoste dek.

Wat die student se horison nog meer verbreed, is dat sy haar ná die behaling van haar B.Cur.-graad, ook verder op honneursvlak in enige van die vier kliniese spesialiteitsrigtings, naamlik psigiatrie, gemeenskapsverpleegkunde, mediese en chirurgiese verpleging en verloskunde en neonatologie kan bekwaam. Sy kan selfs 'n doktorsgraad in die kliniese rigtings behaal.

Doktorsgraad

As 'n mens egter meer in die nie-kliniese rigtings belangstel, is daar ook honneurskursusse in verplegingsonderwys en verpleegadministrasie. Op dié gebied kan ook tot op doktorale vlak gevorder word.

'n Besonderse horison wat vir die verpleegkundige wag, is die belofte van 'n hergestruktureerde vergoedingspakket wat dit vir die verpleegkundige ook finansieel die moeite werd sal maak.

• Volledige besonderhede van die kursusse kan verkry word van die Hoof, Departement Verpleegkunde, Posbus 63, Tygerberg, 7505, ☎ (021) 931-3131 bylyn 297. □



Kursus geborg

Mnr. Terry Bates (regs), direkteur van die Plastiekafdeling van AECI Chloor-alkali en Plastieke Bpk., het R20 000 vir die aanbieding van die US se honneurskursus in polimeerwetenskap vanjaar aan dr. Laurence Rainer, alternatiewe direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap, oorhandig. Die maatskappy het onderneem om dié ondersteuning vir vyf jaar vol te hou.

Unieke kursus oor spraak en gehoor

Kinders met spraak- en gehoorprobleme word in die skole onderrig. Hier verleen 'n Matie onder toesig van 'n tutor hulp aan 'n leerling.

Die Departement Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys aan die Fakulteit Opvoedkunde bied 'n unieke eenjarige diplomakursus aan. Dit is die enigste universiteit in die land wat spraak- en gehooronderwysers voltyds oplei.

Die kursus het in 1978 by die Universiteit begin as 'n eenjarige diploma om onderwysers vir die Carel du Toit-sentrum vir gehoorgestremde kleuters by die Tygerberg-hospitaal op te lei.

In 1985 het dit oorgegaan in 'n gekombineerde spraak- en gehoorkursus om ook te voorsien in die behoeftes van gewone skole waar kinders met gehoor- en spraakprobleme is.

Gewone skole

Die kursus is bedoel vir reeds gekwalifiseerde of pas gekwalifiseerde onderwysers. Die Diploma in Spesialiseringsonderwys in Buitengewone Onderwys (Gehoorgestremdheid) is dus 'n bykomende Onderwyskwalifikasie.

Onderwysers met dié kwalifikasie kan by enige skool vir gehoorgestremdes of dowes maar ook in gewone skole as spraak- en gehooronderwysers gaan werk.

Lesings word by die Fakulteit Opvoedkunde en Fakulteit Geneeskunde aangebied. Dit sluit vakke soos ortopsigopedagogiek, ortodidaktiek, neuropatologiese aspekte, psigodiagnostiek, leerprobleme, spraakwetenskap en oudiologie in.

Die kursus is praktykgerig. Die studente doen weekliks prakties by die Carel du Toit-sentrum vir gehoorgestremde kleuters en in gewone skole.

Groot aanvraag

Verder word praktiese sessies van vier weke in die Mary Kihn-skool vir gedeeltelik horendes in Observatory, twee weke in die De la Bat-skool vir dowes op Worcester en twee weke in die Carel du Toit-kleuterkompleks by die Tygerberg-hospitaal gedoen.

Daar bestaan 'n groot aanvraag vir onderwysers met dié kwalifikasie.

Die onderwysers wat die kursus gevolg het, is dit eens dat dit 'n unieke ervaring is en dat dit hulle voorberei het om uit te reik en die deure van taal en spraak te ontsluit vir kinders wat andersins waarskynlik nie die vreugde van spontane, natuurlike kommunikasie sou ervaar nie.

Navrae kan gerig word aan die Hoof, Departement Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-772291 (prof. J.J. du Preez, departementshoof) of 02231-772231 (mev. H.M. Snyman, kursussameroeper). □

Londense topprys vir knap aktuaris

Mnr. Jacobus Human van Kaapstad, 'n Oud-Matie wat B.Comm. in (1982) en 'n honneursgraad in statistiek in 1983 op die Akker behaal het, het naam gemaak toe hy een van twee kandidate wêreldwyd geword het wat deur die Institute of Actuaries in Londen met hul gesogte prys bekroon is.

Hy het die prys vroeër vanjaar op die instituut se formele jaardinee in Londen in ontvangs geneem. Dit was die eerste keer dat dit toegeken is. Die ander wenner is 'n Brit.

Die toekenning heet die Worshipful Company of Actuaries Prize. Dit is toegeken vir die kwalifiserende eksamen wat die instituut as eksaminerende liggaam wêreldwyd afneem. Mnr. Human het dit verlede jaar geskryf.

Hy het 'n kontantbedrag en 'n waardevolle skildery van die instituut se karaktervolle ou kantoorgebou in Londen as prys ontvang. Dit is op die dinee deur 'n voormalige burgemeester van Londen aan hom oorhandig.

Mnr. Human sê die instituut is 'n tradisieryke Britse instelling en die dinee het met interessante ou rituele gepaard gegaan.

Bestuurder

Hy het tydens sy weermagopleiding in 1984 met sy aktuariële studies begin. Nadat hy onder meer aan Ou Mutual verbonde was, is hy nou Metboard se portefeulje-bestuurder vir aandele-beleggings, wat ook 'n effektetrust insluit.

Op Stellenbosch was hy 'n inwoner van Helshoogte. Sy een suster, mev. Joan van Zyl van Johannesburg, is ook 'n Oud-Matie wat BA behaal het, terwyl sy jonger suster, mej. Maria Human, nou as BA-student aan die US ingeskryf is. Hul pa is 'n bekende Kaapstadse uitgewer, mnr. Koos Human, besturende direkteur van Human & Rousseau. □

Mnr. Jacobus Human

Die Maties se Vrouehokkieklub het vir die eerste keer 'n groot borgskap ontvang toe mev. Ria Nicholls (naasregs) R15 000 namens Kaidel Edms Bpk. aan die klub oorhandig het. Die klub gebruik dit vir die afrigting van sy spelers. Ook by die oorhandiging was mej. Jackie Wiese, kluborganiseerder, mev. Kotie Smuts, presidente, en mej. Jenny King, klubkaptein.

Borge help Matiesport

Die Afdeling Sport en Ontspanning bied jaarliks 'n seminaar oor winter- en een oor somersportsoorte vir Matie-sportleiers aan. Dit word teen die begin van elke seisoen gehou. Mnr. Willem Bekker (naasregs) van Priceforbes Federale Volkskas Bpk., wat die seminare borg, is hier by mnr. Butch Lochner (naaslinks), direkteur van die afdeling, en die drie aanbieders van die seminaar oor wintersport wat vroeër vanjaar gehou is, nl. dr. Jan Malan, prof. Justus Potgieter en mnr. Gerrie Berner.

Die kapteins, voorsitters en afrigters van klub- en koshuisspanne, asook huiskomitees en die Studenteraad se sportverteenwoordigers, en personeel van die Afdeling Sport en Ontspanning woon die seminare by. 'n Brosjure wat riglyne vir sportleiers bevat, word ook aan die seminaargangers verskaf.

Samcor het sy verbintenis tot Matiesport voortgesit toe die maatskappy se direkteur van openbare en regeringsbetrekkinge, mnr. John Dill (regs), vroeër vanjaar 'n Mitsubishi-paneelwa aan mnr. Butch Lochner, direkteur van sport en ontspanning, oorhandig het. Die Rugbyklub gebruik die paneelwa onder meer om apparaat, bagasie en verversings met afrigtingsklinieke en toere te vervoer. Ander Matie-sportklubs maak ook gereeld van die paneelwa gebruik.

'n Omvattende verklarende woordeboek vir Afrikaans: Dit is 'n ideaal wat vir baie jare al met groot sorg en toewyding nagestreef word. Dié ideaal se halfpadmerk kom later vanjaar in sig wanneer die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se agste deel (tot aan die einde van K) verskyn.

En voortaan gaan die WAT-redaksie sy werk drasties versnel. Die WAT se beheerraad het vroeër vanjaar strategiese beplanning goedgekeur waarby taalkundiges en konsultante betrek is, en wat reeds tot 'n vaartbelynde redaksionele stelsel gelei het.

Versnelling kom ook deurdat die Buro van die WAT nou gerekenariseer en by 'n kragtige rekenaarnetwerk ingeskakel is, met rekenaargeletterde personeel en reg vir 'n nuwe era in woordeboekmaak.

Die Universiteit het sedert die WAT se ontstaan meer as 60 jaar gelede die hele pad saam met hom geloop.

'n Gesamentlike komitee van albei huise van die Parlement het in Maart 1925 aanbeveel dat 'n volledige en gesaghebbende Afrikaanse verklarende woordeboek met staatsteun opgestel moet word. Hierna is onderhandelinge gevoer tussen prof. J.J. Smith, wat in Januarie 1919 die eerste hoogleraar in Afrikaans op Stellenbosch geword het, die Nasionale Pers, die Universiteit en die regering.

Op 25 Maart 1926 is die kontrakte

Oud-Maties en andere kry nou die geleentheid om die omvattende

Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)

te bekom.

Die WAT kan bestel word van:
Die Toetsbemarker,
Buro van die WAT,
Universiteit,
Stellenbosch, 7600

Dele I-VII, **linneband**
(AVB en posgeld ingesluit @ R225,75)

Dele I-VII, **leerband**
(AVB en posgeld ingesluit @ R480,00)

voorskrifte gebou word. Die koper kan egter binne 'n voorgeskrewe prysreeks sy eie afronding soos matte en ligtoebehore kies.

Paradyskloof sal uitgebreide ontspanningsgeriewe bied. Dit sluit in 'n sonkamer met uitsig oor 'n varswaterdam wat vir die geesdriftige hengelaar visse in oorvloed bied. So nie, kan die inwoners die aftree-oord sy eie dameskroeg, 'n gazebo vir skemerdrankies en 'n selfbedienings-eetkamer.

Veiligheid

Vir sekuriteit word daar gesorg met 'n veiligheidshek en -wagkamer, 'n alarmskakelaar in elke huis en radiobeheerde motorhuisdeure.

wees, wat die Huiseienaarsvereniging sal verteenwoordig. Die Trustees sal bygestaan word deur die Besturende Agente, om geldsake te hanteer, asook 'n Bestuurder op die perseel, wat aan die Raad van Trustees moet verslag doen. Die Bestuurder sal bygestaan word deur 'n span bestaande uit verpleegpersoneel, 'n opsigter, asook tuin-, kombuis- en skoonmaakpersoneel.



Argiteks-tekening van die meenthuise in Paradyskloof Villas.

fiks bly met 'n potjie tennis of 'n paar lengtes in die swembad, terwyl daar vir die selfdoeners 'n spesiale stokperdjiekamer beplan word.

Van die Kaap se beste restaurante is net 'n hanetree van Paradyskloof af, maar as 'n mens 'n stiller leefwyse verkies, bied

As 'n mens siek word, sal Paradyskloof 24 uur per dag professionele verpleegdienste hê, asook 'n gesondheidsorgsentrum vir mense wat vir langer tye ongesteld raak.

Die bestuur van die projek sal die verantwoordelikheid van die Trustees

Paradyskloof is ontwerp om mense te lok met 'n aanvoeling vir 'n sorgelose leefwyse wat gehalte, veiligheid en genieting bied. Om meer besonderhede, skakel Proplan, telefoonnommer (021) 92-8001. □

GENIET U AFTREEJARE IN LANDELIKE STYL



Knus tussen die voue van die berge en die vallei van Stellenbosch, is Paradyskloof Villas ongetwyfeld in een van die heel mooiste dele van Suid-Afrika geleë. 'n Idilliese omgewing vir u aftreedae.

Die Oord wat bestaan uit 2-, 3- en 4-slaapkamer simpleks-meenthuise, vul die omgewing pragtig aan. Dit bied beide onafhanklikheid en warme samesyn asook 'n rits geriewe insluitende 'n swembad, tennisbane en nabygeleë gholfbaan.

Die Gemeenskapsentrum bestaan uit 'n eetkamer, sitkamer en dameskroeg met 'n sonstoep wat uitsig bied oor die varswater dam.

U gemoedsrus en welsyn word hier by Paradyskloof verseker met uitgebreide sekuriteitsmaatreëls, 'n Gesondheid-sorgsentrum met opgeleide personeel en 'n inwonende bestuurder.

Kom vind 'n nuwe tuiste by Paradyskloof. 'n Tuiste wat 'n goeie belegging is; maar wat bowenal vir u vrede en geluk kan bied.

ADMIX 14/210/A

• **Promosie-artikel**

'n Toekoms met 'n grasieuse herkoms, naby die kus

Wens jy ook soms jy kan terugkeer Stellenbosch toe, na die dorp van jou sorgelose studentejare? Dan is Paradyskloof net vir jou!

Paradyskloof Villas nestel in die Stellenbosch-vallei, beskut deur die indrukwekkende Hottentots-Holland- en Jonkershoekberge.

Dié nuwe aftreedorp beskik nie net oor die ontwikkelingskundigheid van Proplan, gerugsteun deur die United Ontwikkelingskorporasie nie, maar is uniek geleë en omring deur van die mooiste natuurskoon in Suid-Afrika.

Paradyskloof is digby die Stellenbosch-gholfbaan en sal mooi en instandgehoude tuine hê met waardige eike en ander bome soos ambers, esdorings, geelhoutbome en populiere — ideaal vir 'n verskeidenheid voëllewe. Vanweë die unieke omgewing is die tuine reeds aangelê en die meenthuise is rondom die bestaande bome en struike beplan om die ekologie so min as moontlik te versteur.

Oud-Maties

Dié aftree-oord sal beslis gewild wees by Oud-Maties wat jare lank hul beroepe in die binneland beoefen het, maar altyd daarvan gedroom het om eendag in Matieland, dorp van hul studenteherkoms, af te tree.

En die grootte van die eenhede, saam met die ligging daarvan, maak dit 'n ideale plek vir die hele familie om minstens een keer per jaar bymekaar te wees. Volgens Mike Kruger, Proplan se Bemarkingsbestuurder, het navorsing bewys dat die publiek groter aftreetuistes koop sodat hulle gereeld hul families kan huisves. Paradyskloof Villas is dus beplan om by dié teikenmark se behoeftes aan te pas.

Die skema bestaan uit 2-, 3- en 4-slaapkamereenhede. Dit is teen die tweede helfte van 1989 bekendgestel en voor daar met die bouwerk begin is, was 57% van die eenhede reeds verkoop. 'n Verskeidenheid van eenhede word te koop aangebied, met pryse wat wissel van R180 000 tot R320 000. Dit word onder deeltitel verkoop om die kopers te beskerm. 'n Koper is dus verseker van 'n veilige belegging wat in waarde toeneem.

Deeltitel

Elke Paradyskloof-aftreehuis word ingevolge die Wet op Afgetrede Persone (Wet 65/1988) as deeltitel verkoop, wat die registrasie van oordrag in die koper se naam waarborg (teenoor blokdeel-ontwikkeling). Daarby word alles wat die koper betaal deur die United Ontwikkelingskorporasie ingevolge die Wet gewaarborg en kan dit nie deur enigiemand vervreem word nie.

As 'n aansporing vir kopers sal die ontwikkelaar, Proplan, in die eerste 12 maande R2 000 per eenheid tot die heffingsfonds bydra. Heffings sal daarna tussen R168 en R305 per maand bedra, afhangende van die eenheid wat gekoop is.

Alle eenhede is vir duursaamheid ontwerp en sal volgens die hoogste gehalte-



Paradyskloof Villas

STELLENBOSCH

ENIGE GELDE DEUR USELF BETAAL WORD GEWAARBORG EN GEADMINISTREER KRAGTENS DIE WET OP AFGETREDE PERSONE (WET 65/1988) EN MAG DEUR GEEN PERSOON OF PERSONE WANBESTEE WORD NIE. ELKE HUIS WORD ONDER DEELTITEL VERKOOP WAT REGISTRASIE IN U NAAM WAARBORG.

United
ONTWIKKELINGSKORPORASIE
IN SAMEWERKING MET
PROPLAN

Vir verdere inligting, of vir 'n gratis brosjure, skakel (021) 92-8001 of skryf aan PROPLAN, Posbus 414, Parow 7500.

Jou plaaslike agente: Wynland Eiendomme BK, Dorpstraat 75, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-98192.
Le Roux Hugo Eiendomsagente, Kerkstraat 38, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-71229.
Anna Basson Eiendomme, De Wetsplein 101, Stellenbosch 7600, tel. nr. 02231-74740.

Dierefisioloë maak wêrelddeurbraak

Navorsing in embrio-oorplanting deur 'n span US-navorsers hou groot voordele vir veetelers in.

Deur Malene Breytenbach

Navorsers aan die US het 'n belangrike deurbraak in die veeteelt gemaak deurdat kwaliteitooie se eiselle in ander ooie oorgeplaas en bevrug kan word. Dié groot stap in die opgradering en vermeerdering van veekuddes is deur 'n span navorsers van die Departement Mens- en Dierfisiologie gedoen.

Drie jaar lank al werk dr. Danie Barry en twee M.Sc.-landbouwetenskappestudente, mej. Tina van der Walt en mnr. Jean Rust, onder leiding van die departementshoof, prof. Chris van Niekerk, aan dié eksperiment.

Embrio-oorplanting is niks nuuts nie — dit word al sowat 15 jaar lank gedoen. Die metodes is egter deur die Stellenbosse navorsers aansienlik verfyn.

Dr. Barry het 'n kort kursus in embrio-oordrag by die dierewetenskapdepartement van die Louisiana State-universiteit in Amerika asook 'n kursus in Frankryk gevolg. Toe hy en prof. Van Niekerk in Januarie vanjaar by 'n kongres in Denver, VSA, hul werk verduidelik het, het hulle agtergekom dat hulle as wêreldleiers op dié gebied beskou word.

In plaas daarvan om embrio's chirurgies uit diere te verwyder, gebruik die Stellenbosch-span die servikale metode. Hulle haal die embrio deur die serviks van die baarmoeder uit. Die skenker-ooi word met hormone behandel om tot 30 eiselle te produseer. Dié eiselle word bevrug en sewe dae later onttrek. Die saamgetrekte serviks van die dragtige dier moet egter eers ontsluit word, sonder om die embrio te benadeel.

Die navorsingspan-leier, dr. Danie Berry (naasregs) saam met mej. Tina van der Walt, prof. Chris van Niekerk en mnr. Jean Rust met lammers en die draerooie waaruit hulle gebore is.

Dit is hier waar die groot deurbraak lê. Hormoonbehandeling met die nuwe prostoglandien E2 bring kraamsimulasie mee en die serviks ontsluit. Embrio's in suspensie word met 'n buis uitgespoel.

Vervolgens vind manipulasie plaas. Splitsing kan monosigotiese tweelinge laat ontstaan. Kimering, waar twee halwe embrio's saamgevoeg word, laat 'n lam met vier ouers ontstaan. Die beste eienskappe kan sodoende verkry word. Embrio's word in 'n broeikas gekweek en dan in geslagsbepaling. Produksie en vloeibare stikstof van –190°C gehou.

Die US-navorsers ontvang ook uit die buiteland heelwat navrae oor hul werk. Navorsers uit Meksiko en Australië stel in boerbok-embrio's belang, terwyl daar al uit Texas, VSA, navraag oor angora-embrio's ontvang is.

Langtermynbewaring is moontlik, so ook groei kan beheer word. Geweldige kostebesparing is moontlik, eerstens deurdat minderwaardige diere deel van die voortplantingsiklus oorneem, en tweedens omdat baie meer diere deur dié revolusionêre multi-ovulasie geteel kan word.

Dr. Barry bevestig dat hulle reeds 'n veearts in die nuwe tegnieke opgelei het.

Dié biologiese manipulasie is voorwaar 'n wetenskaplike wonder wat tot groot krediet van die inisieerders strek. □

Uitstallings vir skoliere

Mnr. Johan Visser (links) van die Eenheid vir Studentevoorligting verskaf hier inligting oor die Universiteit aan hoërskoolleerlinge by 'n onlangse loopbaanuitstalling in die Paarl. Personeellede van die eenheid neem jaarliks deel aan ongeveer twaalf sulke uitstallings landwyd om die US se studierigtings en kursusse aan voornemende Maties bekend te stel.

Van die grootste uitstallings waaraan die eenheid reeds verskeie jare deelneem, is dié wat teen Mei elke jaar in Pretoria deur die Departement Mannekrag aangebied en deur tienduisende skoliere besoek word. Die eenheid neem ook deel aan 'n soortgelyke een in Augustus vanjaar op die Kaapse Skouterrein in Goodwood.

Elke jaar besoek sowat 1 800 voornemende studente ook die kampus om professionele hulp oor loopbaan-, kursus- en vakkeuses te ontvang. Hulle lê ook meestal by dié geleentheid 'n omvattende reeks psigometriese toetse af.

US en die WAT loop al 'n lang pad saam

Ook rekenarisering help om die WAT-redaksie se werk te versnel. Die Buro van die WAT is by 'n kragtige rekenaarnetwerk ingeskakel.

formeel deur die minister van Onderwys, dr. D.F. Malan, bekragtig. Hiervolgens sou prof. Smith die eerste hoofredakteur wees, die Universiteit sou hom tydelik van sy doseertaak vrystel, die Nasionale Pers sou die Woordeboek uitgee en die regering sou die projek finansieel steun.

In die 1925-jaarverslag van die US se raad lui dit: "Aan prof. Smith is buitengewone verlof vir drie jaar toegestaan ten einde hom in staat te stel om sy belangrike werk i.v.m. die Afrikaanse woordeboek te voltooi."

Die US-senaat het die hoop uitgespreek dat die projek nog spoediger voltooi sou kon word sodat prof. Smith sy gewaardeerde lesings nog voor die afloop van drie jaar sou kon voortsit! Maar die woordmateriaal het toe nog hoofsaaklik bestaan uit 'n klompie kaartjies wat prof. Smith en sy studente byeengebring het en hy het slegs een assistent, mnr. N. van Blerk, gehad.

In 1929 het die US aangebied om die verantwoordelikheid vir die Woordeboek van die Nasionale Pers oor te neem. Die Woordeboek het in 1930 van Kaapstad na Stellenbosch verskuif waar dit aanvanklik naby die stasie gehuisves is in 'n woonhuis wat aan prof. Smith behoort het. Toe die US se administrasiegebou in 1932 voltooi is, het die Woordeboek daar kantoorruimte gekry.

'n Woordeboekkomitee as beherende liggaam, waarin die regering en die US verteenwoordig was, is in 1937 aangestel. Prof. Smith moes in 1943 weens swak gesondheid siekteverlof neem en die jaar daarop is die administratiewe beheer deur die US-rektor, prof. R.W. Wilcocks, namens die Universiteit oorgeneem.

In 1945 is 'n Raad van Beheer oor die Afrikaanse Woordeboek in die lewe geroep, saamgestel uit verteenwoordigers van die staat, die US en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, met die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap as voorsitter van die Raad en die US-rektor as Administrateur van die Woordeboek.

Vanweë 'n gebrek aan staatsfondse moes die Universiteit van April 1945 tot Maart 1946 die volle finansiële verantwoordelikheid vir die projek dra.

In Januarie 1947 het dr. P.C. Schoonees sy werk as die tweede hoofredakteur aanvaar. Die woordversameling wat aan die einde van die Smith-era uit ongeveer 230 000 kaartjies bestaan het, is kragtig hervat. Die US het groter en doeltreffender kantoorruimte in sy Administrasiegebou beskikbaar gestel nadat dié gebou in 1960 vergroot is.

Dr. Schoonees is in Julie 1962 as hoofredakteur opgevolg deur dr. F.J. (Frikkie) Snijman. In Januarie 1963 is 'n besondere mylpaal bereik toe die miljoenste kaartjie tot die Woordeboek se materiaalversameling toegevoeg is.

'n Baie belangrike datum in die geskiedenis van die WAT is 25 Mei 1973 toe die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1973, deur die Parlement goedgekeur is. Kragtens wet is die Buro van die WAT as 'n regspersoon ingestel en op 'n vaste grondslag op Stellenbosch aan die US gesetel.

Nadat die Woordeboek vanaf Maart 1975 tydelik in die Trust Bank-sentrum gehuisves was, het die Buro gedurende Augustus 1980 verhuis na 'n ruim en gerieflike kantoor in die B.J. Vorstergebou vir Lettere en Wysbegeerte van die US. Dr. Snijman is in Mei 1981 deur die huidige hoofredakteur, mnr. D.C. (Niël) Hauptfleisch, opgevolg.

Intussen het die Buro se materiaalversameling aangegroei tot die huidige ongeveer 3,2 miljoen kaartjies — die grootste enkele versameling van Afrikaans!

Prof. Mike de Vries, rektor en vise-kanselier van die US, is die WAT se huidige beheerraadsvoorsitter en administrateur, met 'n Stellenbosse hoogleraar, prof. Johan Combrink van die Departement Afrikaans en Nederlands, as een van die raadslede.

Die ondervoorsitter is prof. Francois Odendal van Johannesburg, wat ook die SA Akademie in die beheerraad verteenwoordig. Daar is nog drie raadslede, prof. Tony Links van die Universiteit van Wes-Kaapland, asook mnre. Hauptfleisch (hoofredakteur) en Emil Boshoff, 'n Pretoriase prokureur.

Twee derdes van die beheerraad is Oud-Maties, naamlik proff. De Vries, Combrink en Odendal en mnr. Hauptfleisch. (Laasgenoemde twee was in hul voorgraadse studentedae klasmaats aan die US).

Die verantwoordelikheid om die WAT te bemark, is onlangs van die Staatsdrukker na die Buro van die WAT oorgedra. Mnr. Hauptfleisch sê dit is sy ideaal dat soveel Afrikaanse gesinne as wat moontlik is uiteindelik die WAT moet besit. □

Uitblinker in Engels wen prys

Mej. Alison Harper (links) het vroeër vanjaar die Benjamin Boshoff-prys vir die Matie wat tot einde 1989 drie jaar na mekaar die beste in Engels gepresteer het, van mev. Brenda Nel in ontvangs geneem. Dit word jaarliks toegeken en is na mev. Nel se vader vernoem.

Oud-Maties in sleutelposte van atletiek

Al nege dié Oud-Maties is nou of was tot onlangs in sleutelposte in belangrike atletiekbesture. Van links is mnre. Piet Nell, president van die Noordwes-Kaaplandse Atletiekvereniging, Danie Malan, voorsitter van die SA Baan- en Veldvereniging, Jannie Momberg, erepresident van die WP Atletiekvereniging en gewese vise-president van die SA Amateur-atletiekunie, en Nelis Swart, voorsitter van die WP Baan- en Veldvereniging, mej. Wilene Fourie, sekretaris van die OVS-Atletiekvereniging, adv. Gerhard Louwrens, gewese voorsitter van die SWA-Atletiekvereniging, kol. Chris le Roux, vise-voorsitter van die SA Weermag-atletiekvereniging, asook mnre. Mike Walters, voorsitter van die WP-Atletiekvereniging, en Willem Visser, gewese sekretaris van die Noordwes-Kaaplandse Atletiekvereniging. Die foto is teen laat verlede jaar by 'n belangrike SA Atletiekunie-vergadering in Pretoria geneem.

Dié kursus voortaan modulêr

Vanaf volgende jaar bied die Departement Publieke Administrasie sy honneurskursus op 'n modulêre grondslag aan. Daarmee word dié kursus binne die bereik van alle werkende studente in Suid-Afrika, sy buurstate en selfs verder in die buiteland geplaas.

Die kursus word reeds jare lank deeltyds aan die Universiteit se Buitemuurse Afdeling in Parow aangebied. Tot nou toe kon slegs werkende studente wat binne maklike reisafstand van die afdeling woon en werk, die kursus volg.

Die modulêre kursus sal oor ses semesters strek. Studente sal slegs vir tien dae per semester klasse aan die buitemuurse afdeling hoef by te woon. Gedurende die res van die jaar sal hulle tuis studeer. Die eksamen oor elke semester se werk sal afgelê word in die tien dae wanneer die studente vir die daaropvolgende semester vakkursusse bywoon.

Oud-studente

• Vroeër vanjaar is 'n vereniging vir dié departement se oud-studente gestig. Die vereniging van Oud-studente in Publieke Administrasie van die Universiteit van Stellenbosh (Vospa) se stigtingsvergadering was in Maart in Kaapstad. Vospa se eerste sosiale byeenkoms was 'n dinee wat vroeg in Mei in die Langenhoven-studentesentrum op Stellenbosch gehou is. Studentelede het dit ook bygewoon.

Die departementshoof, prof. Hans Gildenhuys, het by die dinee 'n skild oorhandig aan die student wat verlede jaar die beste in die departement se nagraadse program gepresteer het. Die ontvanger is dr. Johan van Zyl, adjunk-direkteur van navorsing in die Kaaplandse Hoofdirektoraat Natuur- en Omgewingsbewaring.

Dr. Van Zyl, wat vroeër as veearts opgelei is, het verlede jaar 'n honneursgraad in publieke administrasie met lof verwerf. Hy is die eerste ontvanger van die skild.

Mnr. Johnny Barnard, 'n vorige burgemeester van Parow, het die skild geskenk. Dit gaan voortaan elke jaar as wisseltrofee toegeken word.

Alle oud-studente van die departement kan by Vospa aansluit. Navrae oor lidmaatskap daarvan — en oor die nuwe modulêre kursus — kan gerig word aan die Hoof, Departement Publieke Administrasie, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-772195.

Bo: Prof. Gildenhuys (middel) as departementshoof saam met drr. Chris Loedolff, voorsitter van die nuwe Vereniging van Oud-studente in Publieke Administrasie, en Erwin Schwella, ondervoorsitter. Dr. Loedolff is direkteur van die Skool vir Lewenswetenskappe aan die Kaapse Technikon en

Prof. Schwella is 'n dosent in publieke administrasie aan die US. Regs bo: Dr. Van Zyl (regs) ontvang die Johnny Barnard-skild as beste student in 1989 van prof. Gildenhuys — die eerste keer dat die skild toegeken is. Dit gaan as wisseltrofee voortaan jaarliks toegeken word.

Koor gaan gou ook in Transvaal optree

Johannesburgers en Pretorianers gaan binnekort die geleentheid kry om die Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van Acáma Fick te hoor optree. Die koor sal ook op verskeie plekke in Wes-Kaapland uitvoerings gee.

Ná 'n uitvoering op Saterdag 8 September op Worcester is die koor vroeg in Oktober in Transvaal. Daar gaan twee uitvoerings in Johannesburg wees, op Donderdagaand 4 Oktober in die St Mary's-katedraal en Vrydagaand 5 Oktober in die Linder-ouditorium.

Op Saterdagaand 6 Oktober sing die koor in die Musaion-ouditorium in Pretoria. Dié uitvoering word met die Ad Libitum-koor van Pretoria gedeel. Dit sal die eerste keer wees dat hierdie twee kore saam optree.

Stellenbossers kan die koor op 20 Oktober in die Endlersaal hoor, en op Vrydagaand 26 Oktober bied hulle 'n uitvoering in die Strand aan (saal van die NG kerk Suider-Strand).

Van 'n uitvoering deur die koor vroeër vanjaar in die Kaapstadse stadsaal het *The Argus* se resensent gesê: "The City Hall recital by the Stellenbosch University Choir was every music lover's ideal."

"The choir, under the auspicious hand of Acáma Fick, has reached a musical standard which, at worst, can be said to be comparable to the best in the country. It is almost impossible to write about such a performance without generating into stereotyped superlatives."

Uitstekend

Die Burger se resensent het van dieselfde uitvoering geskryf: "Acáma Fick verdien lof vir haar uitstekende werk met hierdie koor, wat so vroeg in die jaar reeds op 'n hoë peil gedissiplineerd en veral goed afgerond sing." Dié resensie het ook gelui: "'n Opvallende kenmerk van hierdie koor is trouens die pragtige stemkwaliteit van al die stemgroepe en veral die goeie stemproduksie van die soprane."

Ná een van die koor se heel eerste uitvoerings van die jaar, in Maart in die Lutherse kerk, Strandstraat, Kaapstad, het die *Cape Times* geskryf: "Apart from their superior vocal technique and good chording, the choir's performance was impressive for the wide range of works tackled: from medieval and Renaissance church music to Leonard Bernstein and South African folk songs."

Die koor — wat as een van die toonaangewendstes in die land gereken word — beplan steeds om in die afsienbare toekoms 'n konsertreis na Europa te onderneem. Dit sal die koor se eerste besoek aan die buiteland wees sedert Acáma Fick in 1985 die dirigentskap oorgeneem het. (Voorheen het die koor onder leiding van sy twee vorige dirigente vier keer gedurende 1973-1983 in Europa getoer).

Planne vir 'n buitelandse konsertreis het begin vorm aanneem nadat Acáma Fick, wat ook 'n dosent in musiekgeskiedenis aan die US-Konservatorium is, 'n intensiewe studietoer van meer as twee maande deur Europa, Brittanje en Skandinawië onderneem het, en kontakte opgebou het met verskeie toonaangewende dirigente wat gretig is om die US-Koor daar te ontvang.

Sy het ook pas die 12 dae lange Tweede Wêreldsimposium vir Koormusiek bygewoon, wat in drie stede, Stockholm (Swede), Helsinki (Finland) en Tallin (Estland in die Sowjet-unie), aangebied is. Dit is gehou onder beskerming van die Internasionale Vereniging vir Koormusiek, waarvan die US-Koor 'n lid is.

As die koor se toerplanne slaag, kan so 'n reis — soos met die koor se vier vorige buitelandse toere die geval was — help om Suid-Afrika se kultuurisolasie af te breek. 'n Uitvoering wat in Londen beplan word, kan byvoorbeeld een van die eerste openbare opvoerings in baie jare deur 'n Suid-Afrikaanse koor in die Britse hoofstad wees.

Vir Acáma Fick is dit egter belangrik dat dit deels 'n studietoer moet wees. Sy wil graag probeer om die 60-tal koorlede aan die hoë peil van Europese koorsang bloot te stel. Koorwerkwinkels word onder meer beplan waar die US-Koor onder leiding van sommige vooraanstaande dirigente sal kan werk.

Toerkoste is egter baie hoog, veral vir so 'n groot groep. Of daar getoer sal kan word, gaan dus grootliks afhang van hoe suksesvol die toerlede se huidige fondsinsameling is. Anders as toe die koor voorheen oorsee was, kan die Universiteit en die staat nie dié keer finansieel help nie.

Fondinsamelingsprojekte vir die toer sluit 'n motorkompetisie in. Die uitvoerings in Transvaal en Wes-Kaapland sal ook tot die toerfonds help bydra.

Elke bydrae van Oud-Maties en andere tot die toerfonds sal baie waardeer word. Dit kan gestuur word aan die koor se bestuurder, mnr. Jimmy Pienaar, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (☎ 02231-774579/774633).

Besprekings vir die komende uitvoerings in die St Mary's-katedraal, Johannesburg, op Worcester en Stellenbosch asook in die Strand kan by enige Computicket-tak gedoen word. Vir die twee spesiale uitvoerings in die Linder-ouditorium, Johannesburg, en die Musaion-ouditorium, Pretoria, is kaartjies beskikbaar by ☎ 02231-74409. □

Sangfees in die Endlersaal

DIE JAARLIKSE Sangfees gaan op 30 en 31 Augustus in die Endlersaal, Konservatorium, aangebied word. Vanjaar word Sangfees opgedra aan mnr. Pieter van der Westhuizen, 'n dosent van die Konservatorium wat verlede jaar as dirigent van die Studentekerk-koor uitgetree het, Sangfees word onder die Studenteraad se beskerming aangebied.

Kaartjies, teen R5,50 elk, is by die SR-kantoor, Langenhoven-studentesentrum, asook by die Stellenbosse tak van die Saambou Bouvereniging beskikbaar.

Die Universiteitskoor en Studentekerkkoor tree by die tweede aand se Sangfees op, en die Tygerberg- en Libertaskoor die eerste aand. 'n Massakoor en drie serenadegroepe tree albei aande op. □

Bevorder en aangestel

VERSKEIE senior dosente is vroeër vanjaar by die Universiteit aangestel of bevorder:

Prof. S.M. Swart, wat professor in Besigheidsbestuur- en Administrasie was, is vir vyf jaar tot aan die einde van 1994 as voltydse dekaan van Handel en Administrasie aangestel. Hy het Hons. B.Sc. (1965) aan die US behaal, waarna hy MBL aan Unisa verwerf het en die Universiteit van Alabama se doktorale program in 1976 gevolg het.

Voordat hy in 1981 professor aan die US geword het, was hy as professor en direkteur van die Instituut vir Arbeidsverhoudinge aan Unisa verbonde. Sedert 1985 was hy hoof van die US se Eenheid vir Arbeidsbetrekkinge-navorsing. Hy was o.m. in die afgelope 12 jaar as bemiddelaar by meer as 120 mediasies tussen bestuur en vakbonde betrokke.

Prof. E.B. Welmann, wat mede-professor aan Unisa was, is aan die US as professor en hoof van die Departement Verpleegkunde aangestel. Sy het aan die UP gestudeer, aan Unisa o.m. 'n doktorsgraad behaal en daarna aan die US 'n sertifikaat in bestuursontwikkeling verwerf.

Prof. Welmann

Prof. Welmann was tevore aan die H.F. Verwoerd-hospitaal, die UOVS se Departement Verpleging, en as bestuurder van verpleegkundige onderrig aan die Jan S. Marais-hospitaal in Bellville asook die Medi-Clinic Co. verbonde. Sy het in 'n aantal belangrike professionele verplegingsinstansies gedien, o.m. as lid van die SA Raad op Verpleging.

Prof. A. Rooseboom, 'n Oud-Matie wat in 1963 as ingenieur op Stellenbosch afgestudeer het en 18 jaar aan die Universiteit van Pretoria verbonde was (die afgelope 12 jaar as professor) is aan die US as professor in Siviele Ingenieurswese aangestel.

Hy het ook in Nederland gestudeer. Sy doktorsgraad aan die UP het gehandel oor sedimentbeweging deur damkomme en hy word internasionaal as 'n deskundige op die gebied van damtoeslikking beskou. Hy het by konferensies en as gasdosent in 'n twaalftal lande opgetree, en dien o.m. in die SA Instituut van Siviele Ingenieurs se uitvoerende komitee. (Sy vrou, Elbe Louw, is ook 'n Oud-Matie).

Prof. J.C.D. Augustyn, is tot professor in Bedryfsielkunde bevorder. Hy is sedert 1986 aan die US verbonde, vanaf 1987 as mede-professor. Al sy akademiese kwalifikasies, insluitende 'n D.Comm.-graad, is aan die US behaal, en hy was ook voorheen (1970-'79) 'n US-dosent.

Gedurende 1979-'83 was hy aan die RAU verbonde, o.m. as professor. Daarna was hy vir twee jaar senior bestuurder, mannekrag, by Metropolitan Lewens. Hy was ook 'n deeltydse konsultant van Trust Bank.

Dr. O.T. de Villiers, wat senior navorser in Akkerbou en Weiding was, is as professor in Botanie aangestel. Hy was o.m. aan die UP verbonde voordat hy in 1970 dosent in Biochemie aan die US geword het. In 1983 is hy in die Departement Akkerbou en Weiding

Prof. Rooseboom

aangestel. Hy het al sy akademiese kwalifikasies, waaronder 'n doktorsgraad in plantfisiologie in 1967, aan die US behaal. Prof. De Villiers het ook 'n aantal buitelandse navorsings- en studiebesoeke afgelê.

Dr. H.L. Brink is tot mede-professor in Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie bevorder. Hy het aan die UP gestudeer en is sedert die begin van 1989 aan die US verbonde. Voorheen was hy o.m. 'n dosent aan die UOVS asook privaatpraktisyn in Bloemfontein.

Dr. P. Swart, wat senior lektor in Biochemie was, het mede-professor geword. Hy het aan die US gestudeer, 'n doktorsgraad in 1986 behaal, en is sedert 1974 aan die Universiteit verbonde. Prof. Swart was 18 maande aan 'n



Prof. Swart

navorsingsentrum in die VSA verbonde, asook korter tye aan sentra in Frankryk en Australië.

Mnr. J.H. van H. de Wet, wat senior lektor in Rekeningkunde was, het mede-professor geword. Prof. De Wet het twee honneursgrade en in 1989 MBA aan die US behaal. Hy is sedert 1982 aan die Universiteit verbonde.

Dr. J.P. du Plessis, voorheen hoof-wetenskaplike by die Buro vir Meganiese



Prof. Augustyn

Ingenieurswese, is nou mede-professor in Toegepaste Wiskunde. Al sy akademiese kwalifikasies, waaronder 'n doktorsgraad, is aan die US behaal. Hy was 'n US-dosent in Toegepaste Wiskunde (1971-'88) en mede-professor in meganiese ingenieurswese aan die UP voor hy vroeg in 1989 aan die US heraangestel is. Hy was reeds besoekende professor by twee buitelandse universiteite.

Dr. P.R. de Kock is van senior lektor tot professor in Fisika bevorder. Hy is sedert 1986 aan die US verbonde en was voorheen (1963-'83) ook 'n US-dosent. Prof. De Kock is 'n Oud-Matie wat D.Sc. (1968) behaal het en ook in Nederland gestudeer het.

Dr. R.H. Gouws is tot mede-professor in Afrikaans en Nederlands bevorder.



Prof. De Villiers

Hy het al sy akademiese kwalifikasies, waaronder D. Litt. (1982), aan die US behaal. Nadat hy 'n Unisa-dosent was, is hy sedert 1980 aan die US verbonde. Prof. Gouws was ook 'n besoekende dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland, asook ere-navorsingsgenoot aan die Universiteit van Exeter in 1986.

Dr. D.J. Louw is tot mede-professor in Diakoniologie bevorder. Hy was NG-predikant van die gemeentes Wynberg en Stellenberg voordat hy in 1978 'n US-dosent geword het. Onder sy akademiese kwalifikasies (alles aan die US) is twee doktorsgrade, D. Phil. (1972) en D.Th. (1983). Prof. Louw het gedurende 1970-'71 in Wes-Duitsland navorsing gedoen.

Dr. A.J. Meyer is tot mede-professor in Entomologie en Nematologie bevorder. Hy is sedert 1962 'n US-dosent en was voorheen 'n navorser in die Departement van Landbou. Prof. Meyer het ook in Londen gestudeer en het 'n doktorsgraad in 1973 aan die US behaal. Hy is vanjaar 'n besoekende dosent aan die Potchefstroomse Universiteit en was dit reeds verskeie kere sedert 1983.

Dr. P.F. Theron is van senior lektor tot mede-professor in Dogmatiek en Christelike Etiek bevorder. Hy het aan die UP gestudeer en was predikant in Pretoria en op Stellenbosch voordat hy in 1981 aan die US aangestel is.

Dr. P. van der Bijl is tot mede-professor in Mondgeneeskunde en Periodonsie bevorder. Hy is sedert 1976 deeltyds en sedert 1981 voltyds aan die US verbonde. Prof. Van der Bijl het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer waar hy 'n doktorsgraad in chemie (1971) behaal het. In 1981 kwalifiseer hy as tandarts aan die US en behaal in 1985 ook 'n honneursgraad in farmakologie aan die US. Hy het poste aan die universiteite van Kaapstad en Leiden, asook aan die Mediese Navorsingsraad beklee.

Dr. E. Schwella is van senior lektor tot mede-professor in Publieke Administrasie bevorder. Hy is 'n US-dosent sedert 1981, nadat hy voorheen aan die Departement Justisie, die Weermag en die Kaapstadse Stadsraad verbonde was. Prof. Schwella het al sy akademiese kwalifikasies, waaronder 'n doktorsgraad (1988), aan die US behaal. □

Onder die talle buitelanders wat die US onlangs besoek het, was die Chicago Ladies Group. Sommige van dié toergroeplede en enkeles se mans wat hulle vergesel het, is hier in die Langenhoven-studentesentrum met die toerleier, mev. Kathleen Rothschild (middel agter). As die hoof van 'n groot skakelmaatskappy in Chicago, is sy veral met politieke skakeling gemoeid en is al meer as een jaar as een van Amerika se Jong Vroue-uitblinkers aangewys.

Mnr. Tertius Bruwer (regs) het namens Caltex Olie SA Edms. Bpk. altesaam R50 000 vir studiebeurse en nog R15 000 vir die Stellenbosch 2000-fonds aan mnr. Sunley Uys, direkteur van die US Stigting, oorhandig.

Mike Frobus (regs) het namens die Natal Bouvereniging 'n jaarlikse bydrae vir Stellenbosch 2000 aan prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-Kanselier, oorhandig.

Mnr. Hannes Potgieter (links) het Transatlantic Tobacco se skenking vir die Stellenbosch 2000-fonds aan mnr. Johan Fechter, direkteur van Openbare Betrekkinge, oorhandig.

Mnr. Cornelius Julius (links) wat as Coca Cola se mannekragbestuurder R5 000 vir Stellenbosch 2000 aan mnr. Sunley Uys oorhandig het. Dit word vir studiebeurse gebruik.

Mnr. Schalk de Jager (links) het as streekbestuurder van Ou Mutual 'n tjek van R4 500 vir die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan mnr. Murray Pellissier van die Buro oorhandig.

Dit was goeie dae!

PROF BEN MARAIS roep sy Stellenbosse studentedae van sestig jaar gelede in herinnering.

Hoe goed onthou ek daardie dae! As Karooseun het ek in 1928 op Stellenbosch aangeland en daardie jaar my eerste Intervarsity en my eerste toetswedstryd gesien.

Die Ikeys was toe gedug met Bennie Osler, die grootste speler van ons geslag om hulle aan te voer en sy jonger broer, die nimlike Stanley, en Willie Rosseau as senters met Maurice Zimmerman op die vleuel.

Die wedstryd was nog op die ou Universiteitsveld regoor Wilgenhof waar die Administrasiegebou nou staan. Bennie Osler met sy gewone skepskop en 'n drie deur Zimmerman het ons met 7-3 laat verloor. Ek onthou nog hoe dit vir my gelyk het die lewe is nie meer heeltemal die moeite werd nie!

Daardie dae was 'n Matie-Ikey-intervarsity 'n propperse intervarsity. Ons was só opgesweep met weeklange sangoefeninge, krete, ens., dat dit selfs op die pawiljoene soos 'n slagveld was.

Oubaas Markotter en Boy Bekkies van die Ikeys was as afrigters landwyd bekend.

In my studentejare het Matieland baie groot spelers opgelewer — manne soos die twee Van der Westhuizens, J.C. en Ponie, Danie Craven, André Macdonald, die briljante George Daneel, Ferdie Bergh en later Ben du Toit om maar 'n paar te noem.

Van my eie voetbal kan ook gesê word wat eenmaal gesê is van 'n Amerikaanse politikus: "He was not a great man himself but he was the friend of great men!" Nadat ek in my eerstejaar onder-19A gespeel het, was ek daarna te lig vir 'n vaste voorspeler en het ek in die tweede en in die reël in die derde span gespeel.

Maar ek het ook my grappie in dié verband gehad. Toe ek die derde jaar derdespan-kaptein word, het ek die manne voor 'n wedstryd bymekaar geroep en gesê: "Kêrels, kyk van nou af spreek julle my aan as Koning!"

Die Maties het destyds ook in atletiek groot name opgelewer, veral in die jare 1933-'34 toe 'n vyftal Wilgenhoffers, Danie Joubert, J.H. (Goldie) Schoeman, Jurie Erwee, A. de V. Visser en Bob Bekker, byna eiehandig die Dalrymplebeker na Stellenbosch gebring het.

Daar was in my tyd ook ander groot atlete soos die twee Pienaar-broers, J.J. en W.D., die Luckhoffs, S.A. Degenaar en J. Smit. En wie wat iets met Stellenbosch se sport in daardie dae te doen gehad het, sal ooit oubaas Syd Harvey met sy onmisbare "clips" kan vergeet!

Dit was groot dae! En dikwels, op 'n stil Saterdagmiddag hier onder die Magaliesberg in die Noorde sien ek nog die pers gloed op die Stellenbosse pieke soos ons in verwondering daarna gekyk het as die son oor ou Coetzenburg sak.

Waar is al die ou maats van lank gelede? Ek groet julle! □

Talle vroue volg interessante kursus

Baie vroue wat hulle in studierigtings soos die onderwys, ekonomie, natuurwetenskappe of die regte bekwaam, tree in die huwelik nadat hulle vir 'n jaar of meer 'n professionele pos beklee het. As hulle dan met 'n gesin begin, word dit dikwels moeilik om voltyds te werk. Vir diegene wat benewens dié kwalifikasie ook 'n belangstelling en aanleg in tale het, bied die Universiteit 'n interessante kursus wat hulle in staat stel om tuis as vertalers en taalversorgers te werk.

Op dié manier kan hulle hul besondere vakkennis met hul aanleg in tale kombineer om allerlei tegniese tekste te vertaal. Diegene met literêre aanleg kan hulle natuurlik op literêre tekste toelê.

Die aantal getroude vroue wat die Nagraadse Diploma in Vertaling volg, neem jaarliks toe en dit is opvallend dat hulle dikwels beter vaar as studente wat onmiddelik na die verwerwing van hulle graad hierdie kursus volg.

Die **voorvereistes** vir die kursus is 'n B-graad en die suksesvolle aflegging van 'n taalvaardigheidseksamen in Afrikaans en Engels. Die eksamen bestaan uit die vertaling van tekste, die skryf van 'n opstel en die herskryf van 'n formele teks in 'n minder formele vorm.

Die **hoofinhoude** van die kursus is Vertaalteorie, Vertaling uit Engels in Afrikaans (die primêre vertaalrigting), Vertaling uit Afrikaans in Engels (die sekondêre vertaalrigting), Taalversorging in Afrikaans en Taalversorging in Engels.

Die **sekondêre inhoude** is Leksikografie, Semantiek, Sosiolinguistiek en Stilistiek. Kort, **aanvullende, inleidende kursusse** word ook aangebied in Ekonomie, Regte, Biologiese Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Ingenieurswese, Letterkunde en Reklame.

Die studente word nie getoets oor hierdie aanvullende kursusse nie. Die lesings word aangebied om die student 'n breë agtergrond te gee van die vakgebied waarbinne bepaalde tekste vertaal moet word. Studente kry so die geleentheid om vrae te stel aan kenners van 'n bepaalde vak, oor inhoude of terminologie wat probleme oplewer met die vertaling daarvan.

Besoeke afgelê

In aansluiting by dié lesings word klasbesoeke afgelê by instansies soos die Parlement, die Hooggeregshof, die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie, die Kwarantynstasie, die Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanologie, die Nasionale Versnellersentrum, 'n reklameagentskap en die oorklankingsafdeling van die SAUK.

Gedurende die jaar word vertalers genooi om die studente oor verskillende aspekte van vertaling toe te spreek. Sulke lesings word aangebied deur 'n vryskutvertaler, 'n reklamevertaler, 'n vertaler van kinderboeke, 'n taalkundige adviseur vir 'n reklameagentskap, 'n taalkundige adviseur vir die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans, die hoof van 'n vertaalagentskap, die hoof van oorklanking by die Seepuntse ateljee van die SAUK en die hoof van die Direktoraat Taal van die Suid-Afrikaanse Weermag.

'n Groot werkstuk van ongeveer 30 bladsye oor 'n vertaalteoretiese onderwerp waarby ruim van voorbeeldmateriaal uit vertalings gebruik gemaak moet word, word aan die einde van die kursus ingelewer.

In die wintervakansie moet die studente vir vier weke praktiese werk by 'n vertaalkantoor doen. Daar moet hulle verkieslik onder leiding van 'n ervare vertaler werk.

Vroue- en manstudente wat die kursus afgelê het, het nog steeds daarin geslaag om in uitstekende poste aangestel te word. Instansies wat hulle in diens neem, is byvoorbeeld uitgewers, die Parlement, die Weermag, reklameagentskappe, versekeringsmaatskappye, bougenootskappe, die Staatstaaldiens, die Provinsiale Administrasie, groot munisipaliteite, die RGN en die WNNR. Verskeie oud-studente werk vandag individueel of in groepe as suksesvolle vryskutvertalers.

Navrae oor die kursus kan gedoen word by mnr. G. Kroes, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit, Stellenbosch, 7600, ☎ 02231-772155. □

Mnre. Faan Oosthuizen (links) en Nico Lombaard (regs) wat die video oor ingenieursopleiding vervaardig het, is hier met 'n bekendstellingsvertoning van dié nuwe video op die US-kampus, saam met proff. Christo Viljoen, dekaan van Ingenieurswese, en Mike de Vries, Rektor en Visekanselier.

Buro maak video om ingenieurs te werf

'n Videoprogram van 20 minute waarin die ingenieursberoep en graadstudie in die ingenieurswese aan die Universiteit bekend gestel en gereklameer word, is onlangs deur die media-afdeling van Buvo (die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys aan die US) bekendgestel.

Die program, "Ingenieurswese en u toekoms", is veral vir hoërskoolleerlinge bedoel. Dit is baie gunstig deur die publiek ontvang.

Mnre. Faan Oosthuizen, adjunk-direkteur: onderwysmedia van Buvo, en Nico Lombaard, produksiebestuurder, is verantwoordelik vir die program — wat in sy geheel met Buvo se eie toerusting gemaak is. Hulle het die draaiboek versorg in samewerking met prof. Christo Viljoen, dekaan van Ingenieurswese, en ander dosente van dié fakulteit.

Skenkings

Die videoprogram vervang 'n vorige een wat in die sewentigerjare deur 'n rolprentmaatskappy vir die fakulteit gemaak is.

Skenkings vanuit die ingenieursbedryf het die nuwe videoprogram se koste gedra. Kort nadat dit voltooi is, is 'n uittreksel daaruit as deel van 'n beroepsvoorligtingreeks landwyd oor TV1 vertoon.

Die program omskryf die professionele ingenieur se taak en universiteitsopleiding, en die werksterrein van elke ingenieursdissipline wat aan die US bestudeer kan word, naamlik bedryfs-, chemiese, elektriese, elektroniese, meganiese, metallurgiese en siviele ingenieurswese.

Hoër skole

Sowat 50 afdrukke van die program is reeds voorsien aan hoër skole, veral dié wat in die afgelope jare heelwat leerlinge as ingenieurstudente aan die US gelewer het.

Ander skole en belangstellendes kan afdrukke van die program (teen R30 stuk, AVB en posgeld ingesluit) by die Fakulteit Ingenieurswese bekom. Die program word ook gratis aan skole en ander opvoedkundige inrigtings geleen.

Navrae kan gerig word aan mej. Johanna Kuhn, sekretaresse van die dekaan, Fakulteit Ingenieurswese, ☎ 02231-774204. □

Museum kry Fouché se versameling

Mnr. Jackie Louw, kurator van die US-museum, het die versameling by mev. Fouché se huis in die Strand in ontvangs geneem.

MEV. LETTIE FOUCHÉ, weduwee van 'n voormalige staatspresident, mnr. Jim Fouché, het 'n aantal plakboeke, fotoalbums, asook geskenke wat pres. Fouché as staatshoof ontvang het, aan die Universiteit geskenk. Dit sal in die nuwe US-museum in die Eben Dönges-sentrum bewaar en periodiek vir die publiek uitgestal word.

Dié waardevolle geskenke sluit onder meer 'n afgietsel in van 'n skrifrol wat uit die tyd van koning Kores van Persië, meer as 2 500 jaar gelede, dateer. Die destydse versameling wat by die US bewaar word, is 'n erdewerkbakkie, 'n argeologiese fonds uit Costa Rica in Sentraal-Amerika. Dié land se ambassadeur in Suid-Afrika, mnr. James Furniss, het dit in 1973 aan pres. Fouché geskenk. Dit is afkomstig uit 'n Indiaanse graf wat in Costa Rica se Guanacaste-provinsie ontdek is, en dateer uit die Chorotega-beskawing wat sowat 1 000 jaar gelede daar bestaan het.

Naas 'n aantal oorkondes wat met die toekenning van ereburgerskappe aan pres.

Fouché oorhandig is, asook drie fotoalbums, agt plakboeke oor sy loopbaan en 'n aantal portrette, sluit die versameling ook een van die VSA-vlaggies in wat met die eerste bemande maanlanding deur die Amerikaanse ruimtereisigers tot op die maan geneem en as rariteite vandaar teruggebring is.

Pres. Fouché het in 1966 'n eredoktorsgraad van die US ontvang. Sy enigste kind, wyle dr. Buks Fouché, was 'n Oud-Matie, terwyl sy twee kinders, mnre. Jimmy Fouché van Bloubergstrand en Kosie Fouché van Somerset-Wes, ook albei Oud-Maties is.

• Die restourasie van die ou Bloemhofskoolgebou wat tot Eben Dönges-sentrum vernoem is en die US-museum sal huisves, vorder reeds en behoort teen die middel van 1991 afgehandel te wees. Die uitstallings sal daarna ingerig en vir die publiek oopgestel word. Dit sluit kuns- en kultuurhistoriese versamelings in. □

Sjah van Iran het dit in 1971 tydens die 2 500-jarige viering van die Persiese Ryk aan pres. Fouché geskenk.

Sowat 140 jaar gelede is die oorspronklike skrifrol — bekend as die Kores- of Sirius-silinder — in Babilon ontdek. Dit word nou in die Britse Museum bewaar. Die spykerskrifteks op die vaatvormige kleisilinder bevat een van die belangrikste historiese dokumente van alle tye.

Dit weerspieël die godsdiens, filosofie en politieke ideologie van Kores, wat sonder slag of stoot die gangbare beleid en brutale strategieë van 'n totalitêre staat omvorm het tot 'n ryk wat deur vrede, verdraagsaamheid, godsdiensvryheid, reg en geregtigheid gekenmerk is. Dit was onder meer daarvoor verantwoordelik dat die Joodse bannelinge uit Babilon na Jerusalem kon teruggaan om die tempel te herbou.

Nog 'n waardevolle stuk in die Fouché-

Deur Fritz Stegmann

Een van die wêreld se voorste liriese tenore is 'n 32-jarige Oud-Matie, Deon van der Walt, wat minder as nege jaar gelede, in 1981, aan die US-Konservatorium afgestudeer het.

Op 32 het dié Oud-Matie reeds 'n wêreldplek as sanger

AS EEN VAN die voorste liriese tenore in die wêreld is Deon van der Walt so gewild by die vernaamste operahuise in die wêreld dat hy as 'n vryskut 'n bestaan maak. (Hy sing wel 15 keer per jaar in Zürich sodat hy daar kan woon). Sy grootste verdienste, soos Dirkie de Villiers tereg verklaar het, is dat hy naas opera ook aan die kunslied, oratorium, ens. die nodige aandag gee en in dié opsig die nodige finesse en intellektuele insig openbaar.

Deon van der Walt is op 28 Julie 1958 in Kaapstad gebore. Sy vader, 'n liriese tenoor wat by Madame Nussbaum gestudeer het, het oor Deon se wieg gesing. Na 'n oudisie op 13-jarige leeftyd word Deon se besondere talent ontdek en sluit hy by die Drakensbergse seunskoor aan. Sy skoolopleiding word aan die Hoërskool Sasolburg afgerond.

Na 'n jaar in die Lugmag is hy in 1978 na Stellenbosch, waar hy aan die Konservatorium gestudeer het onder prof. George van der Spuy — een van die vernaamste sangleermeesters ter wêreld, soos bewys is deur die feit dat hy genooi is om meesterklasse tydens die Internasionale Somerakademie aan die Mozarteum in Salzburg aan te bied.

Deon bestempel prof. Van der Spuy tereg as "een van die grootste geeste in die sangwêreld," by wie hy soveel oor veral lieder en oratoria geleer het. Kenners kan na aanleiding van Deon se suiwer diksie en heldere verstaanbaarheid nog die aanslag ("touch") van prof. Van der Spuy hoor.

In 1981 het Deon die Lisensiaat in Musiekvoordrag aan die US verwerf. Dit was die begin van groot dinge. In daardie jaar wen hy o.a. die oorsese studiebeurs van Samro, en aan die Somerakademie van die Mozarteum wen hy die eerste prys. In dieselfde jaar maak hy sy operadebuut in die Nico Malan-operahuis en wel as Jacquino in *Fidelo* (Beethoven).

Sedert 1982 het Deon van der Walt die grootste hoogtes as sanger bereik danksy sy pragstem, intelligensie, toewyding en sprankelende persoonlikheid. Prof. Van der Spuy wys daarop dat sy stem nou voller is en meer warmte bygekry het, en dat sy interpretasievermoë baie ontwikkel het, danksy sy vele optredes en die aanhoor van ander kunstenaars.

'n Deeglike uiteensetting van Deon se veelsydige loopbaan sal heelwat meer ruimte verg as wat *Matieland* kan afstaan. Ek bepaal my dus by sekere hoogtepunte, soos sy operadebute in 'n aantal van die beroemdste operahuise:

Württembergische Staatstheater, Stuttgart: *La Cenerentola* (Rossini); Deutsche Oper am Rhein, Düsseldorf en later in die Nationaltheater, München: *Die Entführung aus dem Serail* (Mozart); *die Operahuis van Keulen en later (1985) ook in die Royal Opera House, Covent Garden, Londen: Il Barbiere di Siviglia* (Rossini); Deutsche Oper, Wes-Berlyn: *Die lustige Weiber von Windsor* (Nicolai); Operahuis in Hannover: *Die Zauberflöte* (Mozart); die Operahuis in Frankfurt am Main: *Don Pasquale* (Donizetti).

Verlede jaar sing hy *Die Zauberflöte* in die Weense Staatsopera (en ook saam met dié geselskap in Japan). Hy het ook in Maart vanjaar in die Metropolitan Opera, New York, in *Die Entführung aus dem Serail* opgetree, waarvoor hy weer die gebruiklike hoë lof ingeoes het.

Ander operahuise waarin Deon reeds opgetree het of dit binnekort sal doen, is dié van Gelsenkirchen, Zürich, Monte Carlo, Toulouse, Bonn en Houston, VSA.

Deon van der Walt, op die Endlersaal-verhoog tydens sy onlangse besoek aan Stellenbosch.

Van al die operateaters vind Deon die Metropolitan die interessante, "die grootste van die lot en verskriklik imposant". Covent Garden het egter volgens hom die aangenaamste atmosfeer — "daar voel 'n mens deel van die familie."

Deon van der Walt het reeds gedurende verskeie internasionale musiekfeeste opgetree: die Ludwigsburg Festspiele toe hy o.a. in Händel se oratorium *Semele* sing; die Internationale Festwoche Lucern toe hy opgetree het in die opera *Massimilla Doni* van die komponis Othmar Schoek; die Internasionale Bachfees in Schaffhausen, Switserland, in 1984 en 1988; die 1988 Schumann-fees in Düsseldorf met Wolfgang Sawallisch as dirigent; die 1988 Graz-fees, toe hy konsert-arias van Mozart met die gevierde Nicholas Harnoncourt gesing het.

Sedert sy debuut tydens die Salzburg-fess van 1987 in *Die Entführing aus dem Serail* sing hy gereeld daar onder dirigente soos Horst Stein en Riccardo Muti. Onder sir Georg Solti het hy reeds in Covent Garden gesing.

Benewens die reeds genoemde operas het Deon ook reeds in Europa gesing in *Der Schauspieldirektor* en *Così fan tutte* (albei van Mozart), *L'Italiana in Algeri* (Rossini), *La Fille du Regiment* (Donizetti), Falstaff (Verdi) en *Der Rosenkavalier* (Richard Strauss).

Naas gereelde liederuitvoerings sing Deon ook in werke soos Mozart se *Kroningsmis*, Mendelssohn se *Lobgesang en Schumann se Missa Sacra*. Hy was ook 'n solis saam met die Berlynse Filharmoniese Orkes en sing gereeld saam met voorste sangsterre, soos die beroemde koloratuursopraan Edita Gruberova in April vanjaar in München en in Mei in Covent Garden teenoor die gevierde Griekse mezzosopraan Agnes Baltsa.

Deon tree nie net gereeld oor die radio en TV op nie, maar hy het ook plate gemaak van *Così fan tutte, Massimilla Doni, Zar und Zimmerman* (Lortzing) en *Die Schöpfung* (Haydn). Binnekort maak hy in Suid-Afrika 'n opname van die liederuitvoering wat hy onlangs saam met pianis Albie van Schalkwyk in die Endlersaal by die US (en vroeër in Pretoria en Bloemfontein) aangebied het.

Opwindende

Dié opwindende en diep-deurleefde uitvoering van Beethoven se *An die ferne Geliebte*, Schumann se *Dichterliebe* en sewe lieder van Richard Strauss het vir my opnuut bevestig dat Deon (soos ook Albie) werklik 'n kunstenaar van internasionale formaat is.

As die ideale kunssinnige vennootskap het hulle so verbasend gevorder op die weg na volmaakte musikale en poëtiese aanvoeling dat hulle, soos Henning Viljoen in *Vrye Weekblad* geskryf het, gesorg het vir "'n subtiele, eenmalige ervaring." Ek kan my nie herinner dat ek ooit 'n meer ontroerend skone begeleiding van byvoorbeeld Strauss se *Morgen* gehoor het nie.

Vir sangstudente is Deon se raad: "Moenie te vinnig alles wil sing nie. Konsentreer op die tegniek totdat die fondament reg is. En luister, luister, luister."

Wat homself betref, is sy ideaal om te behou wat hy bereik het. Ons deel sy dankbaarheid nadat sy gehoor volkome herstel is na 'n operasie. □

Mnr. Van der Merwe

Nuwe NOK-baas 'n Oud-Matie

'n Johannesburgse Oud-Matie, mnr. Carel van der Merwe, het vroeër vanjaar die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie (NOK) se nuwe besturende direkteur geword.

As boorling van die Oos-Kaaplandse dorpie Indwe, waar sy pa die skoolhoof was, het hy in 1953 op Stellenbosch begin studeer en B.Sc. in 1955 behaal. Sy kamermaat was 'n skooldae-boesemvriend, Koos Roets, wat verlede jaar Johannesburg se burgemeester was (berig in *Matieland* 3:89).

Teen die einde van sy finalejaar het Carel van der Merwe by die Weermag aangesluit nadat dié op Stellenbosch personeel gewerf het. Hy was ses jaar in die Weermag, waar hy onder meer in 'n kapteinskursus eerste gekom het.

Die Weermag het hom ook twee jaar Brittanje toe gestuur — en hy is seker die enigste Van der Merwe wat aan die Royal Military College Shrivenham opgelei is! Hy is toe na die Britse leër oorgeplaas, vir wie hy ook in Wes-Duitsland diens gedoen het.

Terug in Suid-Afrika, lei sy betrokkenheid by 'n Weermag-toetsbaan vir plaaslik vervaardigde wapens en ammunisie daartoe dat hy dr. Siegfried Kuschke, destydse besturende direkteur van die NOK, ontmoet het, in die NOK begin belangstel het en in 1962 as bemarkingsbeampte daarby aangesluit het.

Wes-Duitsland

Hy het kosbare ervaring opgedoen deur die NOK byna drie dekades in 'n wye verskeidenheid hoedanighede te dien. Daaronder tel die twee jaar (1972-'73) toe hy in Wes-Duitsland gewoon het waar hy nyweraars moes bystaan wat hulle in Suid-Afrika wou vestig. Hy dien steeds in die direksies van sulke maatskappye en besoek Wes-Duitsland nog gereeld.

'n Ander hoogtepunt was 'n jaar by Krygkor toe hy met wapenaankope in die buiteland gehelp het. In die laat sewentigerjare was hy ook betrokke by die vestiging van Suid-Afrika se mikro-elektroniese bedryf, wat nou ten volle geprivatiseer is.

Sy vrou, Elzbeth (gebore Van der Merwe), is ook 'n Oud-Matie wat BA en SOD (1955-'57) behaal het. Hul een seun, Kalla, het B. Rek. in die vroeë tagtigerjare op Stellenbosch verwerf. □

Endler Trio speel weer in die Endlersaal

BESOEKERS wat vir die gradeplegtighede vroeg in Desember op Stellenbosch gaan wees, sal ook 'n kamermusiekuitvoering deur drie voorste Suid-Afrikaanse musici in die Endlersaal, US-Konservatorium, kan bywoon. Op Woensdagaand 12 Desember tree die Endler Trio op — bestaande uit Olivier de Groote (klarinet), Eric Rycroft (altviool) en Albie van Schalkwyk (klavier).

Met hul komende Endlersaal-optrede speel hulle die Concertante in Bb (Josef Fiala), Trio vir klarinet, altviool en klavier (Gordon Jacob), Twee rapsodieë (Charles Loeffler) en Trio (Poulenc). Besprekings vanaf middel-November, landwyd by Computicket. □

Albie van Schalkwyk, Eric Rycroft en Olivier De Groote.

Olivier de Groote is hoof-klarinetspeler van die Kaapstadse Simfonie-orkes, tree gereeld as solis op en was onlangs vir konsertoptredes in Taiwan. Prof. Eric Rycroft, 'n dosent aan die Konservatorium, is die stigter en dirigent van die US-Strykensemble, -Kamerorkes en -Simfonie-orkes. Albie van Schalkwyk, 'n Potchefstroomse konservatoriumdosent, word as een van die land se voorste begeleiers beskou.

Die trio het o.m. by die Kaapse Fees, in Roodepoort en tydens 'n Transvaalse toer opgetree, radio- en TV-opnames gemaak en het in 1988 die SAUK se radio-Artes vir die beste bydrae in ernstige musiek gekry. Omdat hul eerste repetisies en uitvoering in die Endlersaal was, is prof. Hans Endler, 'n stigterdosent van die Konservatorium en groot voorstander van kamermusiek, se naam aan die trio verbind.

Pres. F.W. de Klerk en 'n Matie, mej. Gudrun Swanevelder, toe hy haar vroeër vanjaar met die Staatspresident se sportmerietetoekenning vir saalperd-ruiterkuns vereer het — die eerste keer dat iemand die toekenning vir dié sport gekry het. Sy is veral vereer vir haar prestasie by die wêreldkampioenskapsbyeenkoms in 1988 in Amerika toe sy die senior afdeling vir ruiterkuns gewen het. Pres. De Klerk het ook 'n sportmerietetoekenning aan die Maties se swemafrigter, mev. Santa van Jaarsveld, oorhandig.

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties en Maties:

Prof. C.W. (Calie) van der Merwe (100) van Stellenbosch, wat BA (1911) aan die destydse Victoria-kollege, voorloper van die US, behaal het, en sover bekend die eerste Oud-Matie was wat 'n eeu oud geword het. Hy het in Göttingen gaan studeer, maar moes met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) uit Duitsland vlug.

Terug in Suid-Afrika het hy onderwyser, toe skoolhoof op Harrismith en later lektor aan die UK geword, waar hy M.Sc. (1918) behaal het. In 1924 behaal hy 'n doktorsgraad aan Göttingen en aanvaar 'n doseerpos in Amerika, waar hy 31 jaar gewoon het, 'n VSA-burger geword het en hoof was van die fisikadepartement by die Washington Square-kollege aan die Universiteit van New York.

Hy het in die Tweede Wêreldoorlog dié kollege se marine-departement met 'n belangrike strategiese navorsingsprojek gehelp. Ná die oorlog het hy op versoek van New York se burgemeester gedien in 'n komitee wat die stad se watertekort (met groot sukses) kon verlig deur wolke met 'n chemiese stof te laat bestrooi.

Prof. Van der Merwe het in 1955 afgetree, teruggekeer Suid-Afrika toe en op Stellenbosch gaan woon.

Prof. J.M. (Jimmy) le Roux (87), 'n stigter-dosent van die Fakulteit Ingenieurswese en afgetrede professor in toegepaste wiskunde, wat B.Sc. (1923), M.Sc. (1924) asook HOD en B.Ed. (albei 1926) alles met lof aan die US behaal het. Daarna het hy as Abe Bailey-beurshouer in 1930 'n doktorsgraad in wiskundige statistiek aan die Universiteit van London verwerf, en was (saam met wyle prof. Faantjie Pretorius, wat lank US-registrateur was) van die eerste drie Suid-Afrikaners wat dié studierigting gevolg het.

Prof. Jan van der Meulen

As Matie het prof. Le Roux destyds o.m. in die Studenteraad en bestuur van die Unie-debatsvereniging gedien. Onder sy studentetydgenote was, naas Faantjie Pretorius, ook (die latere US-rektor) H.B. Thom, (premier) H.F. Verwoerd, (hoofregter) L.C. Steyn en (WNNR-president) Meiring Naudé.

Prof. Le Roux het o.m. tydelike skoolhoof op Montagu asook hoofonderwyser op Jansenville en aan die Franschhoekse

Prof. Jimmy le Roux

hoër skool geword, en het 'n leiersrol gehad in die besluit om die Hugenotemonument op Franschhoek op te rig.

Vroeg in 1941 word hy senior lektor in toegepaste wiskunde in die US se pas gestigte departement ingenieurswese, waaruit die huidige Fakulteit Ingenieurswese in 1944 ontstaan het en waarvan hy — saam met prof. H.L. Reitz — die medegrondlegger was. In 1949 is "Doktor Jimmy" (soos sy studente hom altyd bly noem het) tot professor bevorder. Hy het in 1965 in dié pos afgetree. Vir baie jare het hy ook spesiale wiskundeklasse vir groot groepe studente uit verskillende studierigtings aangebied.

Onder sy talle oud-studente tel prof. Christo Viljoen, dekaan van Ingenieurswese asook voorsitter van die SAUK-raad, prof. Roux de Villiers, afgetrede viserektor en oud-dekaan van Ingenieurswese, oud-minister Danie Steyn, dr. Theo Alant, adjunk-minister van Handel en Nywerheid, en mnr. Marius de Waal, Yskor-voorsitter en 'n US-raadslid. Van sy oud-studente wat dosente in die Fakulteit Ingenieurswese is, sluit een van sy



Prof. Calie van der Merwe

skoonseuns, prof. Marius Louw, voorsitter van die Departement Siviele Ingenieurswese, in.

In 1965 het prof. Le Roux 'n FAK-lewenslid geword. Hy was lank 'n lid van die SA Akademie asook van die British Astronomical Association en het as raadslid van die Sterrekundige Vereniging van SA gedien. Naas talle skoolhandboeke vir die wiskunde en natuurwetenskap, het uit sy pen verskeie bydraes vir die Afrikaanse Kinderensiklopedie-reeks verskyn; hy het wiskundige en wetenskaplike terme vir die Groot Afrikaanse Woordeboek gedefinieer; en hy was as Christen-wetenskaplike die skrywer van radio- en ander praatjies wat as *Die Bybel, Die Wetenskap, Ons Lewe* in boekvorm verskyn het.

Prof. Jan van der Meulen (67) van Stellenbosch, wat D. Comm. (1963) aan die US behaal het en veral vir sy rol in die totstandkoming van die Universiteit se Bestuurskool onthou word. Gedurende 1961—'64 was hy eers senior lektor en toe professor in bedryfsekonomie, en gedurende 1970—'74 professor in besigheidsbestuur- en administrasie. Hy was hoof van albei dié departemente asook die Bestuurskool se eerste hoof.

As gebore Nederlander het hy aan die Universiteit van Rotterdam gestudeer, waarna hy aan 'n instituut vir die bevordering van Nederlandse handelsbetrekkinge, aan dié land se suiwelburo, aan KLM en aan die redaksie van 'n bedryfsblad verbonde was. Voor sy US-aanstelling bestuur hy 'n Nederlandse kunsmisfabriek in die destydse Rhodesië.

Hy het bydraes vir die boek *Inleiding tot die bedryfsekonomie* geskryf. Vir die Bestuurskool het hy 'n dosente- en studente-uitruilskema met België en Nederland aangepak. In 1973 volg hy die Harvard-sakeskool se gevorderde bestuursprogram. Vanaf 1977 was hy hoof van die departement bedryfsekonomie aan die Universiteit van Wes-Kaapland, waar hy van 1980 tot met sy aftrede in 1983 dekaan van ekonomiese en bestuurswetenskappe was. Hy het lank as Suid-Afrikaanse ondervoorsitter en landelike voorsitter van die NZAW, nou bekend as ANW (Afrikaans-Nederlandse Werkgemeenskap) gedien, en was ook 'n lid van die UPE se eerste senaat.

Mnr. F.G. (Gerald) Barrie (77) van Stellenbosch, afgetrede ouditeur-generaal, wat B.Sc. in Bosbou (1936) aan die US behaal het en 'n oud-Wilgenhoffer was.

Nadat hy in 1938 'n bosbou-ingenieursgraad in Nederland behaal het, was hy aan die staat se Departement Bosbou verbonde, as navorser en later verantwoordelik vir die bou van saagmeulens in Oos-Transvaal en Suid-Kaapland. In 1952 is hy na die Departement Publieke Werke oorgeplaas, waarvan hy in 1959 adjunk-sekretaris geword het. Hy was voorsitter van 'n ondersoekkomitee wie se aanbevelings daartoe gelei het dat die SABS van die WNNR geskei is.

In 1966 word hy sekretaris (d.i. hoof) van die pas gestigte Departement Immigrasie en in 1966 sekretaris van Inligting. In 1972 is hy tot ouditeur-generaal bevorder. Op sy aandrang het nuwe beginsels om doelmatige staatsbesteding te bevorder, wet geword — beginsels wat in onlangse wetgewing verder uitgebou is.

Onder mnr. Barrie se leiding as ouditeur-generaal is ontdek dat die Departement Inligting groot bedrae staatsgeld onreëlmatig bestee het. Sy hardnekkige vol-

Mnr. Gerald Barrie

harding, teen politieke druk in, om oor staatsfondse te waak, het aan die lig laat kom dat miljoene rande sonder parlementêre goedkeuring vir kontroversiële, geheime projekte gebruik is. Die Inligtingskandaal het, naas politieke reperkussies, ook o.m. gelei tot die skep van die advokaat-generaal se amp asook wetgewing om doeltreffender beheer oor geheime staatsgeld te verseker.

Ná sy aftrede in 1978 dien mnr. Barrie in Bonuskor en Gilbeys (SA) se direksies, tree namens die regering op as finansiële raadgewer oor staatsbesteding vir die Transkei-regering, en dien in verskeie regerings-ondersoekkommisies en -komitees.

Prof. Jan H. Hofmeyr (82) van Hermanus, wat B.Sc., M.Sc. met lof en D.Sc. alles in die landbouwetenskappe gedurende 1929-'34 op Stellenbosch behaal het. Hy was daarna 'n navorser en dosent in die Departement Landbou, onder meer aan die landboukolleges Glen en Elsenburg asook die US-landboufakulteit. Nadat hy ook in Pretoria as navorser gewerk het en 'n studiereis na die VSA onderneem het, word hy in die vroeë sestigerjare 'n dosent aan die pas gestigte UOVS-landboufakulteit, waar hy in 1972 as professor in agronomie afgetree het. Tot 1987 het hy in die distrik Pietersburg geboer.

As Matie was hy 'n inwoner van Victoriahuis en later van Dagbreek. Sy vrou, Debora Gie, is ook 'n Oud-Matie, wat B.Sc. behaal het en 'n oud-Harmoniet is.

Mnr. Ben Conradie (76) van die Strand, wat BA, SOD en MA gedurende 1935-'41 aan die US behaal het; 'n oud-onderwyser wat 15 jaar gelede aan die Hoërskool J.J. du Preez in Parow afgetree het. Hy was bekend as die skrywer van jeugboeke en -verhale, waaronder *Die rietbok se fluit* en *Goue voete* wat albei vir hoër skole voorgeskryf was. Verskeie bydraes uit sy pen het ook in *Matieland* (o.m. in 1:1983) verskyn.

Mnr. Conradie was die stigter van Saamtrektoere, een van die oudste toerorganisasies in die land, waarmee hy van 1951 tot 1985 gemoeid was. As lojale oud-Wilgenhoffer het hy 'n ou kanon geskenk wat by dié koshuis bewaar word. Sy vrou, Esmé Loubser (BA in maatskaplike werk) is 'n oud-Monicaner.

Mnr. A.J. (Abraham) van Zyl (67) van Citrusdal, wat B.Sc. (1944) behaal het; 'n voormalige LPR vir Piketberg, wat tot met sy dood voorsitter van die Droëvrugteraad asook van die Rooibosteeraad was. Hy was 25 jaar lank 'n direkteur en 18 jaar daarvan voorsitter van die SA Droëvrugte-Koöperasie; het hoë aansien in internasionale landboukringe gehad en van die internasionale kongresse oor droëvrugte wat hy bygewoon het, is onder sy voorsitterskap gehou; en hy was o.m. die Weskus-ontwikkelingsvereniging se voorsitter asook 'n stigterslid van Citrusdal se Koöperatiewe Wynkelders.

Ds.R.J. (Dolf) Raath (83) van Pretoria, wat BA (1927) behaal en in 1931 aan die Kweekskool afgestudeer het. Tot sy aftrede in 1976 was hy 22 jaar leraar van die NG gemeente Bronberg in Sunnyside, Pretoria. Hy was leraar van Piet Retief, Waterberg en Waterval voordat hy in 1949 organiserende sekretaris van die Christelike rolprentmaatskappy Carfo geword het.

Ds. Melvyn Swart (51) van Ottery, Kaapstad, wat in 1963 aan die Kweekskool afgestudeer het, nadat hy BA aan die UOVS behaal het. Hy was NG predikant te Coligny, Moregloed (Pretoria) en Tiervlei-Oos (Kaapse Skiereiland) voordat hy in 1973 na die gemeente Ottery is.

Ds. C.T. (Theo) Brink (47) van Ottosdal, waar hy die afgelope elf jaar NG leraar was. Hy het in 1968 aan die Kweekskool afgestudeer nadat hy BA aan die Universiteit van Pretoria behaal het.



Prof. Jan Hofmeyr

Sy bediening het ook gemeentes op Dendron, Kinross en Klerksdorp ingesluit.

Mev. A.H.I. (Annegret) Scholtz (gebore Kuhlmann) (44) van Vanderbijlpark, wat BA (1967) met drie hoofvakke aan die US behaal het. Haar man, Oud-Matie dr. Adelbert Scholtz, met wie sy reeds in hul Stellenbosse studentejare getroud is, is predikant van die NG gemeente Vanderbijlpark-Suid. Hul oudste kinders, 'n seun en 'n dogter, is huidige Maties, en hul ander kind, 'n 17-jarige skoolmeisie, is saam met mev. Scholtz in 'n motorongeluk in Noord-Kaapland dood.

Mev. Scholtz is in Duitsland gebore. Sy het in die kommissie van die Maatskappy vir Europese Immigrasie gedien en het gereeld as Duits-onderwyseres waargeneem.

Mnr. J.J. Lochner (74) van Moorreesburg, wat BA, SOD en 'n onderwysdiploma in liggaamlike opvoedkunde (1936-'38) op Stellenbosch behaal het. Hy was 'n oud-Dagbreker.

Mev. C.R. (Kitty) Nel (gebore Botha) (74) van Pretoria, wat in die vroeë dertigerjare op Stellenbosch gestudeer het, in Matie-toneelkringe bekend was en 'n inwoner van Macdonaldhuis was.

Mev. P.J. Schnebel (50) van Windhoek, wat HPOD in 1960 aan die US behaal het.

→

Mnr. Ben Conradie

Dr. S.W. (Kallie) van Zyl (51) van Kuruman, wat in 1961 een van die eerste M.B.Ch.B.-studente was wat aan die US afgestudeer het, is reeds verlede jaar oorlede.

Mnr. J.W.L. Truter (66) van Kaapstad, wat B.Sc., B.Ing. (1946) behaal het, is ook reeds verlede jaar oorlede.

Mnr. R.A. (Kiewiet) Jansen (76) van George, wat BA, SOD en MA gedurende 1935-'38 aan die US verwerf het. Hy was onderwyser by Michaelhouse, Dale College en Jan van Riebeeck, skoolhoof op Barkly-Wes en Adelaide, eerste hoof van Zwaanswyk (Kaapse Skiereiland) en hoof op Upington. Nadat hy inspekteur (superintendent) op Humansdorp en George was, het hy in 1978 as hoofinspekteur op Oudtshoorn afgetree. Hy was 'n oud-Dagbreker en was getroud met Oud-Matie Kath Coetzee (B.Sc. en HOD, 1939-'40).

Dr. G.R. (Gert) Goosen (82) van die Strand, voorheen van King William's Town waar hy in 1972 as Ciskeise direkteur van onderwys en kultuur in die destydse Departement van Bantoe-onderwys afgetree het. Hy het B.Sc. (Landbou) en SOD gedurende 1929-'30 aan die US behaal waarna hy nege jaar aan die sendingstasie Morgenster (destydse Suid-Rhodesië) verbonde was voordat hy Stellenbosch toe teruggekeer het om M.Ed. en D.Ed. (1940-'42) te behaal. Dr. Goosen, 'n oud-Dagbreker, was 'n SR-lid in 1942.

Mej. C.L. (Charly) Daneel) (89) van Stellenbosch, wat HPOD (1921) behaal het, lank 'n onderwyseres by die Laerskool Bloemhof op Stellenbosch was en ná haar aftrede by die US se Departement Didaktiek gewerk het.

Mnr. J.E. (Epke) Faber (37) van Durbanville, wat B.Ing. (1977) en M.Ing. met lof (1979) aan die US behaal het. Hy was direkteur van ingenieursdienste (stadsingenieur) van Bellville. Sy vrou, Angelique Cillié, ook 'n Oud-Matie (B.Sc. en HOD in 1979), is die dogter van prof. Piet Cillié, afgetrede hoof van die Departement Joernalistiek en nou 'n US-raadslid.

Mnr. J.C. van der Merwe (64) van De Aar, wat in die middel-veertigerjare B.Comm. aan die US gestudeer het.

Ds. J.C. van Graan (72) van Hercules, Pretoria, wat BA (1943) aan die US behaal het en in 1947 aan die Kweekskool afgestudeer het. Hy was predikant op Tzaneen tot 1962, voltydse organiseerder van die Christelike Lektuurfonds tot 1965 en leraar in Wesmoot, Pretoria, tot sy aftrede in 1983. In 1947 was hy die Maties se Studenteraadsvoorsitter.

Ds. J.C. (Jan) van Graan

Mev. Elsabé Roux (gebore Els) (56) van Kathu, wat HPOD in 1953 op Stellenbosch verwerf het.

Dr. Izak Hayes (41) van Stellenbosch, 'n tandarts van dié dorp, wat B.Ch.D. in 1978 aan die US verwerf het.

Mnr. M.H.J. (Mautie) Uys (82) van Eversdal, Durbanville, wat B.Sc. (1928) en SOD (1929) aan die US behaal het en later ook aan die UK gestudeer het. Nadat hy o.m. op Prieska onderwyser was, was hy vir 25 jaar as wiskunde- en wetenskaponderwyser aan die Hoërskool Bellville verbonde, waar hy in 1962 afgetree het. Daarna het hy verskeie jare aan verskillende skole in die Skiereiland waargeneem.

Mej. A.H. (Alta) de Beer (28) van Kaapstad, 'n artikelskrywer van die vrouetydskrif *Sarie*, is in 'n motorbotsing dood. Sy het die honneursgraad in joernalistiek (1983) aan die US behaal nadat sy vroeër aan die RAU gestudeer het.

Mnr. Martin Cornish (27), 'n US-finalejaarstudent in menslike bewegingskunde, wat verdrink het toe hy grotte verken het by die see naby sy tuisdorp, Mosselbaai. □

Groot rugbyfees as Dok 80 word

'n Besonderse rugbyfees word op Woensdag 10 Oktober op Stellenbosch gevier, ter ere van dr. Danie Craven se 80ste verjaarsdag die volgende dag, 11 Oktober.

Die fees sluit in 'n gholftoernooi dié oggend, rugbywedstryde op die Danie Craven-stadion in die middag en 'n formele banket daardie aand in die Stellenbosse Stadsaal.

Dr. Craven, die doyen van Stellenbosse en Suid-Afrikaanse rugby — en wêreldwyd bekend as Meneer Rugby — se verbintenis met die Universiteit strek terug tot 1929 toe hy as eerstejaarstudent op Stellenbosch aangekom het. As akademikus het hy merkwaardig presteer deur drie doktorsgrade te verwerf. Ná sy aftrede as hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde het hy nog 'n dekade, tot hy 75 geword het, as direkteur van Sport en Ontspanning gewerk. Die US het ook 'n eredoktorsgraad aan hom verleen.

Sy diens aan rugby het vir hom wêreldroem gebring. As strateeg, denker, filosoof en kreatiewe ontwikkelaar van rugby, het hy onsterflike roem verwerf. Vir die energie waarmee hy sedert 1975 feitlik al sy kragte aan die normalisering van rugby en die ontwikkeling van minderbevoorregtes bestee het, word hy as 'n reus erken.



Die rugbyfees op 10 Oktober is 'n geleentheid vir almal met 'n liefde vir dié spel en met 'n agting vir dié vaderfiguur van Matie-rugby om op Stellenbosch aan hom te kom hulde bring.

Vir die Rugbyklub is dit ook 'n geleentheid om fondse in te samel waarmee rugby in die toekoms bevorder gaan word. Dié dag se opbrengs gaan in die *Craven 80 Fonds* belê word.

Groot pryse, soos 'n luuksemikrobussie, sal te wen wees.

Vir die gholftoernooi sal bekende sportsterre as gasspelers beskikbaar wees om 'n mens se 4-bal vol te maak. Die rugbyprogram dié middag sluit 'n wedstryd tussen Stellenbosch I en 'n uitnodigingspan in, gevolg deur 'n Cravenspan (Oud- en huidige Maties) teen Noord-Transvaal. Tafels is vooraf te koop vir die banket dié aand.

Meer besonderhede hieroor word in die nuusmedia bekend gemaak, of skakel die Rugbykantoor ☎ 02231-774680). □

Die Departement Toegepaste Wiskunde se reünie is bygewoon deur onder andere (agter, van links) dr. Philip Fourie, 'n dosent in die departement en die reünie-organiseerder, mnr. Johannes Tredoux (van Simonstad), asook drr. Hennie de Kock (dosent en oud-student) en Gys Wessels (Pretoria). Voor: mejj. Antoinette Strydom (Pinelands) en Paula de Waard (Bellville), prof. Gerhard Geldenhuys, departementele voorsitter, mej. Elsabe Oosthuysen en mev. Annette van Heerden (albei van Somerset-Wes).

Reünie help om te beplan vir die toekoms

Die Departement Toegepaste Wiskunde het onlangs die belangrike mylpaal bereik waar 100 honneurs- en meestersgrade reeds in die departement verwerf is, naas 'n aantal doktorsgrade wat ook toegeken is. Nagraadse studie in die departement het veral in die afgelope dekade sterk toegeneem.

Dit was dus 'n geleë tydstip vir die reünie van afgestudeerde nagraadse US-studente in die toegepaste wiskunde wat vroeër vanjaar by die Universiteit se seminaarsentrum buite Stellenbosch gehou is. Dié Oud-Maties staan in 'n verskeidenheid beroepe en het van so ver as Pretoria die reünie bygewoon. Hulle kon die ou bande uit hul studentedae hernu en inligting oor en weer uitruil.

Afgesien van die gesellige verkeer, is 'n aantal reünie-sessies aangebied om die departement se huidige navorsings- en onderrigprogramme te bespreek. Die jongste ontwikkelinge in die departement is toegelig, en die oud-studente het waardevolle kommentaar gelewer oor aksente wat in die praktyk geplaas word.

Onderwysers

Die gebruik van konkrete gevallestudies of projekte in die onderrig is hoog aangeslaan. Voortgesette onderrig is genoem as 'n terrein wat die departement moontlik verder kan uitbou. Daar is ook spesifiek gekyk na die departement se rol in die opleiding van onderwysers tot dusver en vorentoe.

'n Interessante sessie vir die ouer garde was een waarin die huidige nagraadse studente hul indrukke gegee het oor die opleiding wat nou aangebied word. Dit het terselfdertyd 'n goeie beeld weerspieël van hoe die departement probeer om dinamies vooruit te gaan deur sy kursusse, navorsing en geriewe steeds te verbeter.

Dié geslaagde reünie aan die begin van die negentigerjare het gehelp om aan die Departement Toegepaste Wiskunde perspektief te gee oor die verlede en om nuwe rigtings vir die toekoms aan te dui. □

Onder: Van die Oud-Maties by 'n saamtrek vroeër vanjaar op Kroonstad was, van links, Jumbo Rossouw, Pietie Kunz, Johan Dreyer en Wilmer Muller. Sowat 100 mense, ook van Bothaville en Koppies en wat die ouers van huidige Maties ingesluit het, was by dié saamtrek.

Saamtrek in die Noord-Vrystaat

Ook by die saamtrek op Kroonstad was (bo) Frikkie Swanepoel, Willem Delport, Schalk Boshoff en (onder) Bettie Phielix, Marelize Boshoff asook Wilma en Koos Kooij.

Klas van 1949 hou twee reünies

Twee reünies van die 1949-finalejaarsklas in ingenieurswese is teen die einde van verlede jaar gehou om die vierde dekade sedert hulle afgestudeer het, te vier. Van die 33 aan wie die destydse Kanselier, dr D.F. Malan, in Desember 1949 hul grade toegeken het, leef 29 nog. Tien van hulle het 'n funksie in Pretoria bygewoon, terwyl daar ook tien by 'n reünie op Stellenbosch was. Sewentien woon in die PWV-gebied, nege in Wes-Kaapland en die ander elders in die land.

Die Pretoria-reünie is ook deur drie oud-dosente, mnre. W.F.S. Lutsch en S.F. Malan en prof. C.A. du Toit, bygewoon.

Stellenbosch

Op Stellenbosch het die reüniegangers onder meer besoek afgelê by die Fakulteit Ingenieurswese, waar hulle (foto bo) saam met hul vroue en drie dosente van die fakulteit afgeneem is. Agter is: proff. Detlev Kröger en Mike Case, albei huidige dosente, mnr. Louwtjie de Wet en mev. Pat de Wet, dr. Danie Malan en prof. Tom Dreyer, die sekundus-dekaan. Heel voor is mnre. Piet Schoones, Johan Taute (met sy vrou, Maxie, agter hom), Bosman (en Anne) van Zyl, Ernest (en Marie) Lötter, Willem (en Esmé) Steenkamp asook prof. Roux de Villiers, afgetrede vise-rektor en 'n voormalige dekaan van die fakulteit (met sy vrou, Hannetjie). Mnre. Fanie Engelbrecht en Bertie Groenewald het later by dié reüniegangers aangesluit.

Stads- en Streekbeplanning

Sedert die M-kursus in stads- en streekbeplanning in 1966 ingestel is, het 197 studente dit tot aan die einde van 1989 voltooi. Meer as 'n kwart van die afgestudeerdes het vroeër vanjaar 'n reünie op Stellenbosch bygewoon. Prof. Danie Page, wat van 1967 tot sy aftrede in 1981 hoof van die Departement Stads- en Streekbeplanning was, was ook by die reünie. Hy is deur die huidige hoof, prof. C. Tod Welch, opgevolg.

By die reünie was onder meer (foto onder) dr. Piet Claassen, senior lektor in die departement, mnr. Carel du Preez, hoofdirekteur van plaaslike bestuur, behuising en landbou in die Raad van Verteenwoordigers, mnr. Johan Adendorf, hoofbeplanner van die Wes-Kaapse Streekdiensteraad, Stellenbosch, prof. Page, mnr. Christo Kannenberg, president van die SA Instituut vir Stads- en Streekbeplanning en 'n vennoot van Planmedewerkers, en dr. Bertie van Zyl, 'n gewese president van dié instituut en 'n privaatkonsultant.

Ook by dié reünie was (links onder) dr. Willem Pienaar, senior lektor in die departement, prof. Page, mnr. Leon van Gas, direkteur-generaal van die Departement Ontwikkelingshulp, prof. Louis van Heerde, hoof van die Departement Stads- en Streekbeplanning aan die Potchefstroomse Universiteit, en mnr. Deon Gouws, sekretaris van ekonomiese sake in Namibië, asook (onder) mnr. Harold Terblanche, hoofbeplanner van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie, sy vrou, mev. Erika Terblanche, mnr. Chris Möller, hoofbeplanner van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, en sy vrou, mev. Rina Möller.

P.P.S. se Oorlewings-plan vir Professionele Praktyke.

Jy't dit nodig!

Jy kan nooit voorspel watter onvoorsienbare ramp jou praktyk in 'n oogwink kan uitwis nie. Maar jy kan jouself beskerm teen die finansiële gevolge van skielike ongeskiktheid met PPS se oorlewingsplan vir professionele praktyke.
PPS is uniek. Dis die enigste Vereniging wat deur professionele mense eksklusief vir Gegradueerde Professionele lui geskep is — met 'n verskeidenheid voortreflike voordele. Siekte- en permanente ongeskiktheidsvoordele, dekking vir jou praktykbokoste en 'n belastingvry enkelbedrag wanneer jy aftree.

PPS bied ook Groeptermynlewensdekking, 'n Uittree-annuiteïtskema met 'n spesiale dividend vir PPS lede en Profmed, PPS se unieke mediese skema.
Hierdie voordele vorm saam die allerbeste oorlewingsplan vir Gegradueerde Professionele lui. Vergelyk gerus die tariewe — hulle bly onoortreflik. En onthou, PPS se siektevoordele word vanaf die eerste dag van siekte of ongeskiktheid betaal — mits die siekte sewe dae duur. Dit maak dit die doeltreffendste dekking wat daar is.

Dis jou vereniging

PROTECTION·PROVIDENCE·BESKERMING·VOORSORG

PPS

Aan: Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika, Posbus 6268, Johannesburg 2000.
Voorsien my asseblief van julle brosjure "Die Ideale Plan" vir meer inligting oor PPS-voordele.

Naam _____ Geboortedatum _____

Adres _____

Telefoon (w) _____ (h) _____ Graad en professionele kwalifikasies _____

Unieke Beskerming vir Gegradueerde Beroepslui

COOLE O'HAGAN & RIMINGTON 677/A

OOK BESKIKBAAR
IN SUPERIOR MILD

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn-die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk-die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes

DIE
MEESTERSTUK

RVR 300A